



**Wes-Kaapse
Regering**

Onderwys

**Jaarlikse Prestasieplan
2013/2014 - 2015/2016**

Notas:

1. Gebruik en vertolking van hierdie dokument

Die WKOD Jaarlikse Prestasieplan (JPP) moet saam met die Vyf-jaar Strategiese Plan (2010 – 2014) gelees word.

Die JPP-dokument word volgens 'n templaar van Nasionale Tesourie uiteengesit. Dit is dan verder gewysig na 'n onderwyssektortemplaar.

Befondsing vir onderwys word in nege programme verdeel. Elke program word deur nasionale subprogramme gedefinieer, wat aan die begin van elke program gelys word.

Nasionaal-gedefinieerde begrotingstabelle (BTs) word volgens die tersaaklike program genommer. Elke BT het 'n stel finansiële aanwysers. Daar is nasionale aanwysers genaamd “Programprestasiemaatstawwe” en provinsiale aanwysers genaamd “Programprestasie-aanwysers”.

Die bylaes bevat ander datatabelle om nasionale beplanning, monitering en evaluering in te lig. Dit verskaf ook standaarde. Die statistiek is vir die sektor as 'n geheel en word daarna in elke onderafdeling verdeel, m.a.w. hoofkantoor (sluit distrikte in); dan alle openbare gewone skole wat verder onderverdeel word in laer- en sekondêre skole, onafhanklike skole, spesiale onderwys, VOO-kolleges, volwassene-onderwys, vroeëkindontwikkeling en hulpdienste.

Let wel dat die 2012/13 syfers in die tabelle Aangesuiwerde Beramings is.

2. Vertalings:

Afrikaanse en Xhosa weergawes van hierdie dokument is vanaf 30 dae na tertafellegging op die WKOD se webwerf: <http://wced.school.za> beskikbaar.

3. Bylae:

Afskrifte van “Bylae E” (Tegniese Aanwysers vir die Programprestasie-aanwysers) is beskikbaar op <http://wced.school.za>

PR Nommer: PR36/2013
ISBN Nommer.: 978-0-621-41601-5

*Vir addisionele afskrifte van hierdie dokument,
kontak asseblief:
Hoof: Onderwys
Privaatsak X9114
Kaapstad 8000
Tel: 021 467 2531
Faks 021 461 3694
E-pos: media1.media1@westerncape.gov.za*

*Hierdie dokument sal op versoek vanaf 31 Maart
2013 in Afrikaans, Engels en Xhosa beskikbaar
wees.*

Amptelike aftekening

Hierdie Jaarlikse Prestasieplan

- is deur die bestuur van die Wes-Kaap Onderwysdepartement onder leiding van die Minister van Onderwys in die Wes-Kaap ontwikkel;
- is in lyn met die huidige Strategiese Plan van die Wes-Kaap Onderwysdepartement voorberei; en
- bied 'n akkurate weergawe van die prestasieteikens wat die Wes-Kaap Onderwysdepartement sal poog om met die hulpbronne wat in die begroting vir 2013/14 beskikbaar gestel is, te verwesenlik.



Mnr Leon Ely
Hoof Finansiële Beampte



Me Anne Schlebusch
Hoofbeampte verantwoordelik vir beplanning



Me Penny Vinjevold
Rekenpligtige Beampte

Goedgekeur deur:



Minister Donald Grant
Uitvoerende Gesag

Inhoud

Deel A: Algemene inligting

1.	Visie.....	1
2.	Missie	1
3.	Doelwitte.....	1
4.	Waardes	2
5.	Voorwoord deur die Minister.....	2
6.	Inleiding deur die Rekenpligtige Beampte	3

Deel B: Strategiese oorsig

1.	Skoolonderwys 2025	4
2.	Leweringsooreenkoms	4
3.	Opgedateerde situasionele analise	5
	3.1. Prestasieleweringomgewing	5
	3.2. Organisasoriese omgewing.....	9
	3.3. Hersiening van wetgewende en ander mandate	9
4.	Beplande intervensies en programme	11
	4.1. Sektorbegrotingsprioriteite	11
	4.2. Provinsiale planne	12
5.	Oorsig van 2013/14 begroting en MTUR-beramings	21
	5.1. Uitgaweberamings en sektorbegrotingstabelle	21

Deel C: Program- en subprogramplanne

1.	Program 1: Administrasie	24
	1.1. Strategiese doelwitte, programprestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2013/14.....	25
	1.2. Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR.....	27
	1.3. Prestasie- en uitgawetendense	31
	1.4. Kwartaalike teikens	31
2.	Program 2: Openbare gewone skole	32
	2.1. Strategiese doelwitte, programprestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2013/14.....	33
	2.2. Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	36
	2.3. Prestasie- en uitgawetendense	39
	2.4. Kwartaalike teikens.....	40
3.	Program 3: Subsidies vir onafhanklike skole	41
	3.1. Strategiese doelwit en jaarlikse teikens vir 2013/14.....	42
	3.2. Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	43
	3.3. Prestasie- en uitgawetendense	44
	3.4. Kwartaalike teikens.....	44
4.	Program 4: Openbare spesiale skoolonderwys	45
	4.1. Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2013/14.....	48
	4.2. Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	49
	4.3. Prestasie- en uitgawetendense	50
	4.4. Kwartaalike teikens.....	50

Deel C: Program en subprogramplanne (vervolg)

5.	Program 5: Verdere onderwys en opleiding	51
	5.1. Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2013/14.....	53
	5.2. Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	54
	5.3. Prestasie- en uitgawetendense	54
	5.4. Kwartaallikse teikens.....	54
6.	Program 6: Onderwys en opleiding vir volwassenes	55
	6.1. Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2013/14.....	56
	6.2. Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	57
	6.3. Prestasie- en uitgawetendense	57
	6.4. Kwartaallikse teikens.....	57
7.	Program 7: Vroeëkindontwikkeling	58
	7.1. Strategiese doelwit, programprestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2013/14.....	59
	7.2. Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	60
	7.3. Prestasie- en uitgawetendense	61
	7.4. Kwartaallikse teikens	61
8.	Program 8: Infrastruktuurontwikkeling	62
	8.1. Strategiese doelwit, programprestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2013/14.....	62
	8.2. Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	64
	8.3. Prestasie- en uitgawetendense	65
	8.4. Kwartaallikse teikens.....	65
9.	Program 9: Hulpdienste en verwante dienste	66
	9.1. Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2013/14.....	66
	9.2. Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	67
	9.3. Prestasie- en uitgawetendense	68
	9.4. Kwartaallikse teikens	68

Deel D: Koppels met ander planne

1.	Koppels met die langtermyn infrastruktuur, kapitaalplanne en ander planne	69
2.	Voorwaardelike toelaes	75
3.	Openbare entiteite	78
4.	Publieke-private vennootskappe	78

Bylaes 77

1.	Bylae A: Aksieplan tot 2014 en Leweringsooreenkoms-aanwysers	79
2.	Bylae B: Opsomming van Programprestasiemaatstawwe.....	81
3.	Bylae C: Inligingstabelle van toepassing op Beplanning in die Onderwyssektor.....	81
4.	Bylae D: Akronieme	92
5.	Bylae E: Organogram	93
6.	Bylae F: Bygewerkte Strategiese Plan.....	96

Deel A: Algemene inligting

1. Visie

Om geleentheid vir almal deur verbeterde onderwysuitkomst te skep.

Daar word hieraan uiting gegee deur drie oorkoepelende doelwitte:

1. Verbeterde taal en wiskunde in laerskole
2. Hoër aantal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat
3. Vermindering in aantal onderpresterende skole

2. Missie

Om gehalte-onderwys aan alle leerders in die provinsie deur die volgende te voorsien:

- Oorhoofse beplanning vir, en bestuur van, die onderwysstelsel
- Onderwys in openbare gewone skole
- Ondersteuning aan onafhanklike skole
- Onderwys in openbare spesiale skole
- Verdere onderwys en opleiding (VOO) by openbare VOO-kolleges
- Onderwys en opleiding vir volwassenes (OOV) in gemeenskapsleersentrums
- Vroeëkindontwikkeling (VKO) in Graad R
- Opleidingsgeleentheid vir onderwysers en nie-onderwysers
- 'n Geteikende voedselprogram en ander maatreëls vir armoedeverligting en veiligheid
- Steun aan onderwysers deur die voorsiening van basiese diensvoorwaardes, aansporings en 'n werknemerwelsynsprogram

3. Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwitte

Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwit 1	Verbeterde taal en wiskunde in laerskole
Doelwitverklaring	Prestasie in Taal en Wiskunde moet verbeter sodat leerders teen 2014 soos volg volgens ouderdomsnorme verbeter: Graad 3: Taal: 40% van leerders en Wiskunde: 60% van leerders. Graad 6: Taal: 40% van leerders en Wiskunde: 33% van leerders. Graad 9: Taal: 55% van leerders en Wiskunde: 20% van leerders. Uitslae sal deur middel van jaarlikse toetsing gemoniteer word en intervensies sal dienooreenkomstig aangepas word.
Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwit 2	Hoër aantal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat
Doelwitverklaring	Om die aantal leerders wat die NSS slaag deur die voorsiening van handboeke, opleiding, bestuur en ondersteuning van onderwysers te verbeter. Die teikens vir 2014 is 43 000 leerders wat die NSS slaag en 18 500 wat met toegang tot B-graad-studies slaag; 11 500 leerders wat Wiskunde slaag en 8 400 wat Natuurwetenskap slaag.

Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwit 3	Vermindering in aantal onderpresterende skole
Doelwitverklaring	Vermindering van onderprestasië in die Nasionale Senior Sertifikaat in hoërskole: met ander woorde geen skole met 'n slaagkoers van <60% teen 2014 nie. Vermindering in onderprestasië in ander grade, soos gemeet deur die Jaarlikse Nasionale Assessering vir Graad 1 – 6 en 9 en die WKOD-toetse vir Graad 3, 6 en 9.

4. Waardes

- Die allergrootste belang van die leerder
- Die waardes van die Suid-Afrikaanse Grondwet en Handves van Regte
- Uitnemendheid deur die voorsiening en ondersteuning van 'n toegeruste, positiewe en florerende onderwyskorps wat professioneel en toegewyd is
- Aanspreeklikheid en deursigtigheid
- Integriteit en uitnemendheid in administratiewe en steunfunksies

5. Voorwoord deur die Minister

Een van die oorkoepelende doelwitte van die Wes-Kaapse Regering is om gehalte-onderwys aan al die leerders in hierdie provinsie te bied, wat die hoeksteen van ons visie van 'n oop-geleentheid samelewing vir almal is. Om hierdie visie 'n realiteit te maak, het ons in November 2009 'n strategiese plan vir onderwys vir die jare 2010 – 2019 ontwikkel en bekendgestel.

Die oogmerk van hierdie plan is om akademiese prestasië in Taal en Wiskunde en die Nasionale Senior Sertifikaat te verbeter, asook om die uitvalkoers van leerders te verminder. Om dit te bereik, fokus die plan op sleutelprioriteitsareas en stel ook teikens vir verbetering in die provinsie.

Dit is 'n volgehoue, gefokusde en sistematiese benadering. Ons sal teen die einde van 2014 die fondasie vir soliede verbeterings in leerderprestasië neergelê hê. Ons leerders sal in die tydperk wat volg, 2014 – 2019, die vrugte pluk van 'n stelsel wat ontwerp en bestuur is om die gestelde teikens te bereik.

Dit is nou drie jaar sedert hierdie plan aanvaar is en ons kan met vertroue sê dat ons gevorder het om die grondslag te vestig wat nodig is om ons strategie te laat realiseer – die verbetering van die gehalte van onderwys en leerderuitkomste in die Wes-Kaap.

Ons het oor die afgelope drie jaar die kort- en langtermynmaatstawwe geïdentifiseer wat ons sal help om ons doelwitte te bereik. 'n Voorbeeld van korttermyn doelwitte wat ons aangepak het, is die versnelling van die publikasie van vakaturelyste en verbetering van kommunikasiestelsels. Langtermyn doelwitte sluit aspekte soos infrastruktuurontwikkeling, die uitrol van handboeke vir alle grade en breëband vir skole in.

Ons is trots op alles wat ons bereik het en verwag hierdie jaar selfs beter prestasië in Taal en Wiskunde en in die Nasionale Senior Sertifikaat.

Ons sal in alles wat ons doen voortgaan om ons leerders voorop te stel en te verseker dat ons onderwysers behandel word soos die gewaardeerde deskundiges wat hulle is. Elke besluit wat ten opsigte van onderwys in die Wes-Kaap geneem word, sal steeds ingelig word deur die behoefte om leerderuitkomste in hierdie provinsie te verbeter en om beter toegang tot gehalte-onderwys te voorsien.

6. Inleiding deur die Rekenpligtige Beampte

WKOD-skole het in 2012 hulle akademiese prestasie verbeter, soos gemeet deur interne vorderingsuitslae en die uitslae van eksterne sistemiese toetse in Graad 3, 6 en 9 en die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen.

Die WKOD mik om in 2013 hierdie uitslae verder te verbeter. Aandag sal spesifiek geskenk word aan die verbetering van slaagsyfers in Graad 1 en 9 en die aantal leerders wat Graad 11 en 12 slaag. Ten einde hierdie doelwitte te bereik, sal die WKOD voortbou op ondergemelde suksesvolle praktyke van die verlede en sal nuwe inisiatiewe bekendstel om onderrig en leer te ondersteun.

Skoolverbeteringsplanne (SVP)

Die WKOD het in 2012 die elektroniese SVP bekendgestel, wat vereis het dat skole teikens stel en planne vir verbetering in Taal en Wiskunde in Graad 1 tot 9 en alle vakke aangebied in Graad 10 tot 12 ontwikkel. Die SVP is in 2013 verfyn en alle skole het weereens teikens gestel en planne vir verbeterde leeruitkomste ontwikkel. Hierdie teikens en planne sal kwartaalliks gemoniteer word en gepaste, gedifferensieerde ondersteuning sal deur die WKOD aan onderwysers en skoolbestuursspanne gelewer word.

Werwing en keuring van lede van skoolbestuurspanne

Die WKOD fokus sedert 2010 op die ondersteuning van beheerliggame om sorgsame en professionele skoolhoofde te werf en keur. Meer as 200 skole het tussen 2010 en 2012 hierby gebaat en akademiese uitslae het in heelwat gevalle reeds verbeter. Die WKOD sal in 2013 op die tydige werwing en keuring van skoolhoofde, adjunkskoolhoofde en departementshoofde fokus om ons skole suksesvol te bestuur.

Verkryging en benutting van handboeke

Die WKOD het in 2011 en 2012 handboeke vir Graad 1 – 6 en Graad 10 en 11 aangekoop. Handboeke vir Graad 7 tot 9 en 12 sal in 2013 aan alle openbare skole voorsien word. Ons beoog ook om die toenemende benutting en behoud van hierdie en ander tekste te moniteer en ondersteun.

Verbeterde infrastruktuur

Baie Wes-Kaapse skole en klaskamers is nie bevorderlik vir gehalte-onderrig en -leer nie. Daar was in 2011 en 2012 'n toenemende belegging in die aanbou van nuwe en vervangingskole en klaskamers. Ons het ook die ondersteuning van die gemeenskap en ouers geniet vir die instandhouding en herstel van ons skole. Ons belegging in infrastruktuur sal in 2013 verhoog en baie meer aandag sal deur 'n verskeidenheid instandhoudingsprojekte geskenk word aan die “verbreding” van die impak van infrastruktuurbesteding.

Ondersteuning aan skole wat behoeftige kinders en gemeenskappe bedien

Die WKOD het in 2011 en 2012 skole vergoed vir leerders wat van skoolgeld vrygestel is. Die bedrag wat in 2013 begroot word vir die vergoeding van vrygestelde skoolgeld, sal toeneem. Daarbenewens sal Kwintiel 2- en 3-skole bevoordeel word deur die gelykstelling van die bedrae wat aan skole in die drie mees behoeftige kwintiele betaal word. Kwintiel 4- en 5-skole met skoolgeld minder as R1 000 per jaar, sal ook die voordeel van verhoogde toekennings geniet.

Die WKOD sal voortgaan om die volgende te voorsien:

- maaltye deur die Nasionale Skoolvoedingsprogram; die voedingswaarde van die maaltye sal in 2013 verbeter word.
- vervoer aan leerders in landelike gebiede wat meer as 5 km vanaf hulle naaste skool woon.
- veiligheid- en sekuriteitsmaatreëls vir geselekteerde skole, in vennootskap met gemeenskappe, ander regeringsdepartemente, munisipaliteite en wetstoepassingsagentskappe.

Voorts sal die WKOD saam met al ons vennote in onderwys werk en ondersteuning aan hulle bied: nasionale departemente, ander provinsiale departemente, munisipaliteite, onderwysersvakbonde, beheerliggaamverenigings en ouers. Hulle bydrae tot gehalte-onderwys word hooggeag en waardeer.

Deel B: Strategiese oorsig

1. Skoolonderwys 2025 en die 27 Doelwitte

Die Suid-Afrikaanse onderwyssektorplan is in die *Aksieplan 2014 vir Skoolonderwys tot 2025* vervat. Die plan bestaan uit 27 doelwitte. Die eerste 13 handel oor leeruitkomste en die ander 14 doelwitte handel oor hoe hierdie leeruitkomste bereik sal word.

Die aanspreeklikheidstelsel eie aan hierdie plan is gekoppel aan die Suid-Afrikaanse onderwys**doelwitte**, die **aanwysers** daarvoor, en aan die **teikens** en **mylpale** daarvan. Die aantal doelwitte is beperk; die aanwysers word duidelik gestel en is meetbaar. Die teikens moet “haalbaar” wees en behoort onderwysuitkomste toenemend te verbeter. Dit word per provinsie verdeel en moet nie as 'n plafon beskou word nie. Nasionale teikens word grotendeels oor die langtermyn gestel en mylpale fokus oor die algemeen op gewenste prestasie oor die mediumtermyn (tot vyf jaar in die toekoms). Nasionale mylpale is vir prestasiedoelwitte 1 – 13 gestel. Mylpale vir doelwitte 14 – 27 word nie gespesifiseer nie.

2. Leweringsooreenkoms

Die Leweringsooreenkoms is 'n onderhandelde handves wat in 2010 voltooi en onder andere deur die President, die Minister van Basiese Onderwys en die provinsiale LURe onderteken is. Die 27 doelwitte word hieronder gelys. Die **vyf prioriteitsdoelwitte** van die Leweringsooreenkoms vir die tydperk tot en met 2014 is in vet letters gedruk.

Die doelwitte vir die **leeruitkomste** is:

- 1 ► Verhoog die aantal leerders in Graad 3 wat teen die einde van die jaar die minimum bevoegdheids in taal en gesyferdheid vir Graad 3 bemeester het.
- 2 ► Verhoog die aantal leerders in Graad 6 wat teen die einde van die jaar die minimum bevoegdheids in taal en wiskunde vir Graad 6 bemeester het.
- 3 ► Verhoog die aantal leerders in Graad 9 wat teen die einde van die jaar die minimum bevoegdheids in taal en wiskunde vir Graad 9 bemeester het.
- 4 ► Verhoog die aantal Graad 12-leerders wat in aanmerking kom vir 'n Baccalaureus-program op universiteit.
- 5 ► Verhoog die aantal Graad 12-leerders wat *wiskunde* slaag.
- 6 ► Verhoog die aantal Graad 12-leerders wat *natuurwetenskap* slaag.
- 7 ► Verbeter die gemiddelde prestasie van *Graad 6*-leerders in *taal*.
- 8 ► Verbeter die gemiddelde prestasie van *Graad 6*-leerders in *wiskunde*.
- 9 ► Verbeter die gemiddelde prestasie in *wiskunde* van *Graad 8*-leerders.
- 10 ► Verseker dat alle kinders by 'n skool ingeskryf is tot ten minste die jaar waarin hulle 15 word.
- 11 ► **Verbeter die toegang van kinders tot gehalte-vroeëkindontwikkeling (VKO) onder Graad 1.**
- 12 ► Verbeter die graadvordering van leerders vanaf Graad 1 tot 9.
- 13 ► Verbeter die toegang van jeugdiges tot verdere onderwys en opleiding na Graad 9.

Die doelwitte vir **hoe** die leeruitkomste bereik sal word, is:

- 14 ► Lok in elke jaar 'n nuwe groep jong, gemotiveerde en toepaslik opgeleide onderwysers na die onderwysberoep.
- 15 ► Verseker dat die beskikbaarheid en benutting van onderwysers van so 'n aard is dat uitermatig groot klasse vermy word.
- 16 ► **Verbeter die professionalisme, onderrigvaardighede, vakkennis en rekenaargeletterdheid van onderwysers dwarsdeur hulle loopbaan.**
- 17 ► Streef na 'n onderwyswerksmag wat gesond is en 'n sin van werksbevreëdiging geniet.
- 18 ► Verseker dat leerders al die onderwerpe en vaardighede dek wat hulle in hul huidige skooljaar behoort te dek.
- 19 ► **Verseker dat elke leerder toegang het tot die minimum stel handboeke en werkboeke wat ingevolge nasionale beleid benodig word.**
- 20 ► Bevorder leerders se toegang tot 'n wye reeks media, insluitende rekenaars, wat hulle opvoeding verryk.
- 21 ► **Verseker dat die basiese jaarlikse bestuursprosesse in alle skole in die land plaasvind op 'n manier wat tot 'n funksionele skoolomgewing bydra.**
- 22 ► Verbeter ouers en die gemeenskap se deelname aan die beheer van skole, deels deur toegang tot belangrike inligting via die e-Onderwysstrategie.
- 23 ► Verseker dat alle skole befonds word op ten minste die minimum per-leerder-vlak wat nasionaal bepaal word, en dat fondse deursigtig en doeltreffend aangewend word.
- 24 ► Verseker dat die fisiese infrastruktuur en omgewing van elke skool leerders inspireer om skool toe te kom om te leer, en vir onderwysers om te onderrig.
- 25 ► Gebruik skole as 'n voertuig vir die bevordering van toegang tot 'n reeks openbare dienste onder leerders, soos byvoorbeeld gesondheid, armoedeverligting, psigososiale ondersteuning, sport en kultuur.
- 26 ► Verhoog die aantal skole wat die inklusiewe onderwysbeleid doeltreffend implementeer en toegang het tot sentrums wat deskundige dienste bied.
- 27 ► **Verbeter die gereeldheid en gehalte van die monitering en steundienste wat deur distrikskantore aan skole voorsien word, deels deur beter benutting van e-Onderwys.**

3. Opedateerde Situasionale Analise

3.1. Prestasieleweringomgewing

Uitdagings in die gehalte van leer


Primêre skoolonderwys: Graad 3, 6 en 9 Taal en Wiskunde in die Wes-Kaap

Die WKOD het vanaf 2002 tot 2009 in afwisselende jare taal- en wiskundetoetse vir Graad 3- en 6-leerders geadministreer om vordering te moniteer en probleme te diagnoseer. Die WKOD het in 2010 vir die eerste keer alle leerders in Graad 3, 6 en 9 getoets om die stand van leer in taal en wiskunde in elke skool in die provinsie te bepaal. Dit was die eerste keer dat Graad 9-leerders getoets is. Die Graad 9-toets was 'n steekproef om 'n basislyn vas te stel. Die WKOD het in 2011 die vlak van uitdaging in die toetse verhoog, veral in die taaltoetse, ten einde 'n nuwe minimum standaard vir die provinsie te stel. Daar is spesifiek langer en meer komplekse tekste by die toetse ingesluit om die toetsitems vergelykbaar te maak met items wat in internasionale standaardisering op hierdie vlakke gebruik word.

Die uitslae van die 2012-toetse is in Januarie 2013 aan skole voorsien en is aangewend om die Skoolverbeteringsplanne en teikens vir 2013 in te lig.

WKOD Graad 3, 6 & 9 Sistemiese Uitslae 2012 Openbare gewone skole						
	Graad 3		Graad 6		Graad 9	
	Gesyferdheid	Geletterdheid	Wiskunde	Taal	Wiskunde	Taal
Geskryf	77 621	77 623	74 422	74 407	78 825	78 677
Geslaag	39 975	30 195	19 647	27 456	10 957	37 922
Slaag %	51.5	38.9	26.4	36.9	13.9	48.2
Gemiddeld	48.9	43.7	39.5	45.1	29.2	50.7

Die toetspunte toon verbetering in al drie grade in albei vakke, met die grootste verbetering in die Graad 3 Taal se toetspunte, vanaf 'n slaagkoers van 30.4% in 2011 tot een van 38.9% in 2012.



Nasionale Senior Sertifikaat

2012 was die vyfde jaar van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen. Baie ondersteuning is aan Wes-Kaapse skole voorsien. Die Wes-Kaap het 'n slaagkoers van 82.8% behaal. In 2012 was daar 4 712 meer kandidate wat geslaag het as in 2011 en 1 104 meer wat toegang tot studies vir 'n B-grad verwerf het. Die slaagkoers vir Wiskunde het tot 73.5% gestyg, 'n verbetering vanaf 68.7% in 2011. Vir Natuurwetenskap was die 2012 slaagkoers 70.9%, 'n verbetering van 65.3% op die 2011 syfer.

WKOD Vergelykende NSS-uitslae 2009 – 2012						
Jaar	Geskryf	Geslaag	% Geslaag	Toegang tot B-grad	% Toegang tot B-grad	Skole met slaagkoers <60%
2009	44 931	34 017	75.7	14 324	31.9	85
2010	45 783	35 139	76.8	14 414	31.5	78
2011	39 988	33 146	82.9	15 215	38.1	30
2012	44 700	36 992	82.8	16 319	36.5	26

Nasionale Sertifikaat (Beroepsgerig)

Hierdie drie-jaar kwalifikasie is in 2007 by VOO-kolleges bekendgestel.

Uitslae oor die afgelope drie jaar is soos volg:

NK(B) Vlak	Slaagkoers 2010	Slaagkoers 2011	Slaagkoers 2012
2	27%	59.5%	61%
3	14.3%	51.3%	54%
4	40%	48.3%	47.6%

Groei van die bevolking en inskrywings

Die bevolking van die Wes-Kaap het sedert die laaste sensus in 2001 gegroei, en groei steeds. Volgens die 2011 sensus wat deur Statistiek Suid-Afrika (StatsSA) vrygestel is, is die Wes-Kaap tuiste vir omtrent 5 822 734 mense, wat 11% van Suid-Afrika se totale bevolking verteenwoordig. Die bevolking het tussen 2001 en 2011 met 28.7% gegroei.

Daar was ook 'n toename in die aantal leerders wat by openbare gewone skole ingeskryf is.

Sektor	2010	2011	2012	Verskil 2010 – 2012
Graad R-leerders in openbare gewone skole	50 726	50 495	58 953	8 227
Graad 1- tot 12-leerders in openbare gewone skole	919 936	921 776	934 992	15 056
Leerders in spesiale skole	18 292	18 878	19 470	1 178

Hierdie tabel toon 'n toename van 23 283 leerders in openbare gewone skole oor drie jaar (Graad R – 12).

Verhaalprogram

Die WKOD, in oorleg met ander regeringsdepartemente en burgerlike organisasies, wend deur die voorsiening van voedsel en ander maatreëls vir armoedeverligting daadwerklike pogings aan om die effek van armoede en misdaad op leer te beperk.

Die Nasionale Skoolvoedingsprogram voorsien op 'n daaglikse basis voedsame maaltye aan alle leerders by skole in Kwintiel 1 – 3. Die NSVP bied spyskaarte met gekookte en ongekookte voedsel.

Die Nasionale Skoolvoedingsprogram sal op 'n daaglikse basis vir meer as 427 500 leerders van voedsame maaltye by 1 020 geteikende laerskole, sekondêre en spesiale skole voorsien. Die leerders is in 562 laerskole in Kwintiel 1-3; in 108 sekondêre skole in Kwintiel 1-3; en in 39 spesiale skole. Die totaal sluit geïdentifiseerde leerders in 311 skole in Kwintiel 4-5 laer- en sekondêre skole in.

Die NSVP het in die 2012/13 finansiële jaar vir die eerste keer drie (3) dae 'n week (Maandag, Woensdag en Vrydag) 'n ontbyt aangebied. 'n Tweede maaltyd word vir middagetete bedien. Gekookte middagetete sluit onder meer rys, mielies, soja-maalvleis, sardyne en groente in. Ongekookte maaltye sluit brood met grondboontjiebotter en konfyt, voedsame drankies, vars vrugte en groente in.

'n Nuwe tender wat in die 2013/13 finansiële jaar begin, vereis dat verskaffers vyf dae 'n week ontbyt voorsien, met 'n verskeidenheid graansoorte wat ingesluit moet word. Ontbyt word voor skool bedien en middagete word teen 12:30 bedien.

Aantal wat baat vind uit maatskaplike ondersteuning, is soos volg:

	2010	2011	2012
Leerders wat baat vind uit geen-fooi-opsie (NK 1-3)	365 112	366 259	368 226
Leerders wat baat vind uit voedingsprogram (NK 1-3)	415 829	426 707	427 576
Leerders wat leerdervoerskemas gebruik	48 786	50 992	50 526

Die *Veilige Skole-program* het 'n drieledige strategie, naamlik 'n Veilige Skole-inbelsentrum, waar verskeie kwessies oor skoolgebaseerde geweld aangemeld kan word; berading deur die Inbelsentrum vir geaffekteerde en getroumatiseerde individue en die voorsiening van liggaamlike sekuriteit.

Die Veilige Skole-inbelsentrum ontvang tot 20 000 oproepe per jaar. Baie oproepe is versoeke om inligting oor hoe om 'n sekere bedreiging te hanteer, inligting oor MIV en Vigs, tienerswangerskappe of prosedures vir wangedrag; sommige gaan oor mishandeling (liggaamlik, emosioneel, middelmisbruik). Die Veilige Skole-inbelsentrum bied ondersteuning met 'n aanvanklike aanlyn ondervraging, waarna die saak vir in-diepte berading verwys word, soos nodig.

50 nuwe skole word per jaar van installasies ter ondersteuning van veiligheid voorsien. Dit is belangrik dat skole veilig gehou word deur fisiese veiligheidsmaatreëls, samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisiediens en Metropolisie, en gemeenskapsbetrokkenheid om skole te beskerm. Daarbenewens sal die WKOD, in samewerking met ander regeringsdepartemente en die SAPD, voortgaan om lukrake inspeksies en toetse vir dwelms en wapens by skole te hou.

Provinsiale konteks

Die Wes-Kaapse Regering het 12 Provinsiale Strategiese Doelwitte (PSD) geïdentifiseer. Die WKOD is die leierdepartement vir Provinsiale Strategiese Doelwit 2 en ondersteun die ander elf doelwitte op verskeie maniere en in 'n wisselende mate. Die predominante fokus vir die WKOD in hierdie verband is die interregering-naskoolprogram, vroeë kinderjare en al die kwessies wat verband hou met veiligheid en gesondheid, soos dwelmprogramme en ander programme vir sosiale verligting.

Die Provinsiale Strategiese Doelwitte (PSD) is soos volg:

- PSD 1: Om geleenthede vir groei en werk te skep
- PSD 2: Verbetering van onderwysuitkomste
- PSD 3: Verhoging van toegang tot veilige en doeltreffende vervoer
- PSD 4: Verbetering van welsyn
- PSD 5: Verbetering van veiligheid
- PSD 6: Ontwikkeling van geïntegreerde en volhoubare menslike nedersettings
- PSD 7: Integrasie van volhoubaarheid en doeltreffendheid
- PSD 8 & 9: Bevordering van sosiale insluiting en vermindering van armoede
- PSD 10: Integrasie van dienslewering vir maksimum impak
- PSD 11: Vermeerdering van geleenthede vir groei en ontwikkeling in landelike gebiede
- PSD 12: Om die mees geoliede streeksregering in die wêreld te bou.

3.2 Organisasoriese omgewing

Die Departement poog om 'n reaktiewe en doeltreffende organisatoriese kultuur te skep en sy besigheidsprosesse en -stelsels te verbeter. Die hoofkantoor en agt distrikskantore van die WKOD is gestruktureer en ontwerp om 'n snel-reagerende diens en ondersteuning aan skole en onderwysers te voorsien.

Die WKOD bestaan uit die provinsiale ministerie van onderwys met die Minister van Onderwys in die Wes-Kaap aan die hoof, die provinsiale hoofkantoor, distrikskantore en onderwysinstansies, insluitende gewone en spesiale openbare skole en VKO-terreine. Die VOO-kolleges en gemeenskapsleersentrums vir volwassenes word in hierdie Jaarlikse Prestasieplan aangedui, maar volgens onderstaande wetgewing is die bestuur van hierdie instansies in 'n oorgangsfase in afwagting op die finalisering van alle besonderhede oor die oorplasing na die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding.

Die organogram word as Bylae E aangeheg.

3.3. Hersiening van wetgewende en ander mandate

a. Skole

Die *Wysigingswet op Basiese Onderwyswette, 2011 (Wet 15 van 2011)* is op 19 September 2011 uitgevaardig. Die doel van die Wet is onder andere om aspekte van die daarstelling van die Departement van Basiese Onderwys en verwante aangeleenthede te akkommodeer; die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (NEPA) en die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASA), die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, 2000 (Wet 31 van 2000) en die Wet op die Gehalteversekering van Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, 2001 (Wet 58 van 2001) te wysig. Die Wet maak ook voorsiening vir die verskeie soorte openbare skole vir leerders met spesiale opvoedkundige behoeftes, die addisionele funksies van skoolhoofde en die opleiding van beheerliggame deur erkende beheerliggaamverenigings.

Die Regulasies rakende die Dissiplinerings, Skorsing en Verbanning van Leerders by Openbare Skole in die Wes-Kaap is ingevolge artikel 63(1)(cE) van die Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Skoolopvoeding, 1997 (Wet 12 van 1997), in die Buitengewone Provinsiale Staatskoerant Nr. 6932 gedateer 15 Desember 2011 uitgevaardig en het op 1 April 2012 in werking getree.

Die Regulasies rakende Visitasie en Assessering van Openbare en Gesubsidieerde Onafhanklike Skole, is kragtens artikel 63(1)(cG) van die Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Skoolopvoeding, 1997 (Wet 12 van 1997), in die Buitengewone Provinsiale Staatskoerant Nr. 6976 gedateer 29 Junie 2012 uitgevaardig. Hierdie regulasies maak voorsiening vir die evaluering van prestasie en monitering van nakoming ingevolge Nasionale en Provinsiale Norme en Standaarde.

Die Regulasies rakende die Registrasie van en Subsidies aan Onafhanklike Skole (Onafhanklike Preprimêre Skole uitgesluit) is kragtens artikel 28 en 37 van die Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Skoolopvoeding, 1997 (Wet 12 van 1997), in die Buitengewone Provinsiale Staatskoerant Nr. 6932 gedateer 6 Desember 2011 uitgevaardig. Dit behandel onder andere die vereistes, prosedure vir registrasie en monitering, subsidies, onttrekking van registrasie en sluiting van skole.

Die Departement van Basiese Onderwys het die *Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing* met ingang 1 April 2011 gewysig. Die wysigings behels die voorsiening van operasionele fondse aan geen-fooi- skole en die vergoeding vir fooi-vrystellings vir fooi-betalende skole (paragraaf 170A). 'n Latere wysiging maak voorsiening vir die Graad 3 en Graad 6 Jaarlikse Nasionale Assesserings in openbare skole om gebruik te word om leerderprestasie te meet in daardie onafhanklike skole wat vir 'n subsidie in aanmerking kom.

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring* is in die Kurrikulum-en-Assesseringbeleidsverklaring (KABV) verfynd en herverpak. Die KABV spesifiseer in een dokument vir elke vak die onderrigtyd, inhoud, vaardighede, Leer-en-Onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) wat benodig word en die gewigte en voorskrifte vir assessering. Die KABV is in 2012 in die Grondslagfase en Graad 10 geïmplementeer, en sal in 2013 in die Intermediêre Fase en Graad 11 en in 2014 in die Senior Fase en Graad 12 geïmplementeer word.

Verdere wysigings aan die *Kinderwet, 2005* (Wet 38 van 2005) het op 1 April 2010 in werking getree. Kragtens artikel 196(3) van die Kinderwet het nywerheidskole en verbeteringskole, wat die verantwoordelikheid van die provinsiale Departement van Onderwys was, binne twee jaar na die aanvang van die tersaaklike hoofstuk in die Wet die verantwoordelikheid van die provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling geword.

B. VOO-kolleges en Volwassene-onderwys

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) is in Mei 2009 ingestel met die oogmerk om uiteindelik vir hoër onderwysinstansies verantwoordelik te wees, met inbegrip van VOO-kolleges, SETAs en Onderwys en Opleiding vir Volwassenes. Die DHOO en provinsiale onderwysdepartemente het 'n protokol van ooreenkoms oor die oorgang en tussentydse beheer en bestuur van die kolleges onderteken, en die DHOO het provinsies uitgenooi om provinsiale tegniese taakspanne saam te stel om die oordrag van funksies ten opsigte van VOO-kolleges as 'n nasionale bevoegdheid te bestuur.

Die Wysigingswetsontwerp op Hoër Onderwys-en-Opleidingswette, 2010 (Wet 25 van 2010) is op 7 Desember 2010 in Staatskoerant Nr. 33853 gepubliseer. Dit wysig die Wet op VOO-kolleges, 2006 (Wet 16 van 2006) en die Wet op Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes, 2000 (Wet 52 van 2000) om voorsiening te maak vir die indiensneming van opvoeders by openbare sentrums, salarisse en ander diensvoorwaardes, die diensstaat van opvoeders, magte van werkgewers, aanstellings en die vulling van poste, die oorpasing van opvoeders, sekondement, aftrede, ontslag, ongeskiktheid en wangedrag en die verrigting van ander werk deur opvoeders. Dit maak ook onder andere voorsiening vir oorgangsreëlings ten opsigte van openbare sentrums; die bepaling van nasionale onderwysbeleid vir openbare sentrums, vir voorskriftelike beginsels van nasionale onderwysbeleid, konsultasie oor beleid en wetgewing, die publikasie van nasionale onderwysbeleid en die monitering en evaluering van die onderwys en opleiding van volwassenes, insluitend gehalteversekering met betrekking tot die kwalifikasies wat deur openbare en private sentrums aangebied word.

Die Wysigingswetsontwerp op Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges, 2012 (Wet 3 van 2012) het op 3 Mei 2012 in werking getree en wysig die Wet op VOO-kolleges van 2006 (Wet 16 van 2006). Die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding het in Staatskennigewing Nr. 367, gepubliseer in Staatskoerant Nr. 35336 gedateer 11 Mei 2012, bepaal dat sommige van die bepalings van die Wysigingswet op Verdere Onderwys en Opleiding, 2012 (Wet 3 van 2012) in werking sal tree vanaf die datum van ondertekening deur die president (11 Mei 2012 as die datum van kennisgewing deur die minister), buiten artikels 11, 12, 13, 14, 28(3) en 32(b).

Artikel 14 behandel finansies gekoppel aan die verspreiding van die Voorwaardelike Toelae, en artikel 11, 12, 13, 28(3) en 32(b) behandel die oordrag van personeel vanaf provinsiale onderwysdepartemente na die DHOO, behoudens die voorwaardes van artikel 197 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 55 van 1995). Hierdie prosesse moet eers voltooi word voordat die tersaaklike artikels in werking kan tree op die datum wat deur die minister bepaal moet word en deur 'n verdere kennisgewing wat in die Staatskoerant gepubliseer moet word.

VOO-kolleges is aan die begin van 2011 gelas om weer Verslag 191-programme vir ingenieursverwante ambagte op vlak N1-N3 bekend te stel, en om weer alle Verslag 191-programme op vlak N4-N6 bekend te stel. Gevolglik dui inskrywingsgetalle vir hierdie programme 'n toename aan.

Die *Norme en Standaard vir die Befondsing van VOO-kolleges* is vanaf 1 April 2010 geïmplementeer. Die norme en standaard is gegrond op die koste van die lewering van die Nasionale Sertifikaat: Beroepsgerigte programme. Die befondsingsformule het drie komponente, naamlik *personeel*; *kapitaal* en *niepersoneel/niekapitaal*. Die oordrag van fondse aan VOO-kolleges vind plaas in die vorm van 'n voorwaardelike toelae, met maandelikse oordragte.

Die Regulasies rakende die Minimumvereistes vir die Samestelling van 'n Beheerliggaam van 'n Openbare BOOV-sentrum is kragtens artikel 8(7) van die Wet op Onderwys en Opleiding vir Volwassenes, 2000 (Wet 52 van 2000) in Buitengewone Provinsiale Staatskoerant Nr. 6952 gedateer 23 Februarie 2012 uitgevaardig. Dit maak onder andere voorsiening vir die samestelling, vergaderings, verkiesing en ontbinding van 'n beheerliggaam van 'n openbare BOOV-sentrum.

4. Beplande intervensies en programme

4.1. Sektorbegrotingsprioriteite

Nasionale werkboeke

Die oorsig van die 2009 kurrikulum het klem gelê op die probleme wat onderwysers ondervind met die bestuur van die pas van kurrikulumlewering. Die impak van stadige pasbeheer en onvoldoende toegang tot geskikte onderrigmateriaal in skole is breedvoerig in navorsingstukke gedokumenteer. Nasionale werkboeke is in reaksie op hierdie uitdaging ontwikkel en gedruk. Hulpbronpakkette vir Graad R is in 2010 deur die nasionale departement versprei aan openbare skole wat hierdie graad aanbied, as deel van 'n program wat jaarlikse lewering van hierdie materiaal aan skole beoog. Die hulpbronpakket bestaan uit 'n werkboek vir elke leerder (wat 'n reeks onderwerpe dek) en materiaal soos kaarte en storieboeke vir onderwysers. Nasionale werkboeke vir Graad 1 tot 6 in tale en wiskunde is in 2011 bekendgestel. Wiskunde-werkboeke is in 2012 aan Graad 7 en 9 voorsien en hersiene weergawes van die Graad 1- tot 6-werkboeke is versprei. Die boeke wat in 2013 voorsien sal word, word in 4.2 hieronder gelys.

Die werkboek-inisiatief is 'n intervensie wat na verwagting 'n groot impak op leer en onderrig in die klaskamer sal hê. Navorsing oor die benutting van werkboeke in skole sal onderneem word en die impak daarvan op leer sal geassesseer word.

Kurrikulum-en-Assesseringbeleidsverklaring (KABV)

Die KABV is vir Graad R tot 12 ontwikkel om aan te dui wat die vakinhoud is wat onderrig moet word en hoe beplanning, onderrig en assessering moet plaasvind. Daar moet beklemtoon word dat die KABV nie 'n nuwe kurrikulum voorstel nie, maar eerder uiteengesette spesifikasies is van inhoud, pas en volgorde, in lyn met die NKV. Die KABV word in die 2012- tot 2014-tydperk ingefaseer. Die belangrikste veranderinge wat deur die KABV teweeggebring is, is dat daar minder administratiewe las vir onderwysers, duideliker spesifikasies van vakinhoud en sterker onderrig- en assesseringsmetodes behoort te wees. Dit is kritiese veranderinge en die verwagting is dat dit aansienlik sal bydra tot beter onderrig en leer, wat beter leeruitkomste tot gevolg sal hê. Die veranderinge in die kurrikulum is in 2012 in Graad R tot 3 en in Graad 10 bekendgestel. Die implementering word in 2013 na Graad 4 - 6 en Graad 11 uitgebrei. Onderwysers in Graad 7 – 9 sal in 2013 opleiding in KABV vir implementering in 2014 ontvang.

Opleiding in die KABV beklemtoon dat die KABV, die werkboeke en JNA geïntegreerd en gemik is op die verbetering van leer. Die WKOD sal in die jare vorentoe ondersteuning aan onderwysers bied met die implementering van die KABV.

Jaarlikse Nasionale Asseserings (JNA)

Daar word van alle skole verwag om graad-spesifieke toetse in Taal en Wiskunde te skryf. Dit is deel van die onderwyssektorplan: *Aksieplan tot 2014: Na die realisering van Skoolopvoeding 2025*. 2011 was die jaar van die eerste volskaalse implementering van hierdie nasionale assesseringstelsel op laerskoolvlak vir Suid-Afrika. Drie stelde voorbeelde is in 2012 aan skole gestuur om onderwysers vertrouwd te maak met die verskillende maniere van vraagstelling. Die toetse is in September onder toesig by alle skole geskryf. Nasienriglyne of memorandum is beskikbaar gestel en toetse is deur die toepaslike onderwysers by elke skool nagesien. Prosedures en kontroles is in plek gestel om te verseker dat nasiening gestandaardiseer is. Leerders se punte is op 'n sentrale databasis vasgelê om stelsel-wye inligting oor leerderprestasie te voorsien. Die toetse sal in 2013 in September plaasvind.

Infrastruktuurontwikkeling

Die 2011/12 finansiële jaar het 'n verandering meegebring in die manier waarop fisiese infrastruktuurontwikkeling in die skoolstelsel befonds word. 'n Groot gedeelte van besteding op infrastruktuur in skole het vir die eerste keer onder die begroting van die Departement van Basiese Onderwys geassosieer, met hierdie departement wat verantwoordelikheid vir nuwe beplanning en monitering aanvaar. Die Toelae vir Infrastruktuur aan provinsies, wat deur Nasionale Tesourie begroot word, het in 2010/11 tot 'n einde gekom en is deur die Toelae vir Onderwysinfrastruktuur vervang.

4.2. Provinsiale planne

Die WKOD sal voortgaan om tot 2019 die sleuteliniatiwe wat in die provinsiale Strategiese Plan (2010 – 2014) en die Provinsiale Strategiese Doelwit geïdentifiseer is, te versterk en verdiep. Dit sal in ruil verseker dat aandag aan die nasionale Aksieplan vir 2025 bestee word.

Tekste, insluitende die nasionale werkboeke

Werkboeke sal in 2013 verskaf word vir Graad R; Graad 1 – 3 (Lewensvaardighede, Wiskunde, Huistaal en Engels Eerste Addisionele Taal); Graad 4 – 6 (Huistaal en Engels Eerste Addisionele Taal), Graad 4 – 9 (Wiskunde in Engels en Afrikaans). Handboeke vir Natuurwetenskappe en Wiskunde vir Graad 11 en vir Natuurwetenskappe en Tegnologie vir Graad 4 – 6 sal verskaf word. Die gebruik van handboeke word deur amptenare ondersteun en gemoniteer en in die Skoolverbetering-moniteringsprogram nagespoor.

Die WKOD het onderneem om 'n groot aantal boeke te voorsien om gehalte-onderrig en leer te ondersteun. Toegewese fondse word dus hiervoor opsy gesit, benewens die norme-en-standaardfondse wat jaarliks toegeken word. Die WKOD sal in 2013 nege handboeke vir elke leerder in die Senior Fase en sewe vir elke leerder in Graad 12 aankoop, wat verband hou met die bekendstelling van KABV in hierdie grade. Skole sal hulle eie literatuurboeke met hulle norme- en standaardtoekenning bestel.

Die WKOD sal ook in 2013 materiaal aan onderwysers en leerders verskaf om die 8-jaar opleidingsprogram in Taal en Wiskunde te ondersteun. Dit sluit gegradeerde lesers vir Graad 1 – 3 en kernlesers vir Graad 4 – 6 in, asook Wiskundehandboeke en ander materiaal in die skole wat deel van die program uitmaak.

Die WKOD se riglyne vir norme en standarde stel voor dat 50% van die totale hulpbrontoekenning aangewend moet word vir die aankoop van Leer-en-Onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM), waarvan 10% vir biblioteekmateriaal bestem moet wees. Die riglyne stipuleer verder dat elke leerder 'n handboek vir elke vak moet hê en dat die voorraad van skoolbiblioteekmateriaal jaarliks aangevul moet word totdat die totale aantal boeke die minimum internasionale standaard van tien per leerder reflekteer.

Die voorsiening van boeke word ondersteun deur elke skool se beleid oor boekretensie om te verseker dat leerders hul boeke aan die einde van die akademiese jaar inhandig sodat die boeke jaarliks hergebruik kan word.

Maatreëls om die kurrikulum te versterk ter ondersteuning van die Kurrikulum-en-Assesseringbeleidsverklaring (KABV)

Met die bekendstelling van die KABV in Graad 4 – 6 en Graad 11 in 2013, sal amptenare steeds daarop fokus om te verseker dat onderwysers elke aspek van die onderrig van die hersiene kurrikulum doeltreffend bestuur. Dit behels onder meer aandag aan die inhoud en die pas, voldoening aan vereiste standaarde en assesseringstake. Onderrigtyd sal in die aangepaste kurrikulum toeneem. Daarbenewens word die pas en inhoud van die onderrigprogram meer breedvoerig uiteengesit. 'n Spesifieke fokus is op leerders wat uitgebreide stukke geskrewe werk produseer.

Die WKOD sal in 2013 onderwysers van Graad 7 – 9 en Graad 12 oplei vir bekendstelling aan die KABV in hierdie grade in 2014. Dit neem die vorm van 'n driedaagse opleidingsprogram in die vakansie vir onderwysers in Graad 7 – 9 in. Die Graad 12-onderwysers sal deur naweekprogramme gespesialiseerde vakopleiding ontvang.

Alle kursusse en ondersteuningsprogramme, byvoorbeeld dié deur die Kaapse Onderrig-en-Leierskapinstituut, sal die KABV-dokumente gebruik. Indiensopleiding en ontwikkeling van onderwysers sal aangebied word deur die KOLI en die vier universiteite, met 'n fokus op tale en op wiskunde en wetenskap.

Die WKOD het in 2009 'n 8-jaar opleiding- en ondersteuningsplan geloods om die ontwikkeling van taal en wiskunde te ondersteun. Hierdie program, wat deur deskundige diensverskaffers aangebied word, is van toepassing op onderwysers in Graad 1 – 6.

Jaar 1 (2009): eerste 250 skole	Groep 1 (125 skole) <i>Wiskunde</i> -opleiding in Junie-vakansie Groep 2 (125 skole) <i>Taal</i> -opleiding in Junie-vakansie Skoolgebaseerde ondersteuning (250 skole) Lesers en LOOM (250 skole)
Jaar 2 (2010): eerste groep 250 skole in tweede jaar van opleiding	Groep 1 (125 skole) <i>Taal</i> -opleiding in Junie-vakansie Groep 2 (125 skole) <i>Wiskunde</i> -opleiding in Junie-vakansie Skoolgebaseerde ondersteuning (250 skole) Lesers en LOOM (250 skole)
Jaar 3 (2011): tweede groep 250 skole	Groep 3 (125 skole) <i>Wiskunde</i> -opleiding in Junie-vakansie Groep 4 (125 skole) <i>Taal</i> -opleiding in Junie-vakansie Skoolgebaseerde ondersteuning (250 skole) Lesers en LOOM (250 skole)
Jaar 4 (2012): tweede groep 250 skole in tweede jaar van opleiding	Groep 3 (125 skole) <i>Taal</i> -opleiding in Junie-vakansie Groep 4 (125 skole) <i>Wiskunde</i> -opleiding in Junie-vakansie Skoolgebaseerde ondersteuning (250 skole) Lesers en LOOM (250 skole)
Hierdie patroon sal <i>herhaal</i> word vir jare 5 tot 8, m.a.w. tussen 2013 en 2016, sodat alle laerskole binne 'n tydperk van 8 jaar in leeschemas en -materiaal opgelei en ondersteun is.	

Die WKOD sal weereens in 2013 ouerbetrokkenheid vir die verbetering van onderwysuitkomstes aanmoedig. Die sleutelvraag sal wees: "Het jou kind vandag gelees, geskryf en wiskunde geoefen?". Die WKOD sal ook boekies vir ouers van Graad 1-leerders versprei, wat verduidelik hoe om 'n kind se eerste jaar op skool te ondersteun.

As deel van die ondersteuning vir die KABV, sal die *Strategie vir Wiskunde en Natuurwetenskap vir Graad 8 – 12* in 2013 verder uitgebrei word. Die mikpunte is: om deelnamekoerse in Wiskunde en Natuurwetenskap in Graad 10 – 12 te verhoog; om die aantal geslaagdes in Wiskunde en Natuurwetenskap in Graad 12 te verhoog en om die gehalte van uitslae in Graad 12 te verbeter ten opsigte van verbeterde gemiddelde punte en/of die aantal leerders wat A-, B- en C-simbole behaal. Die strategie sal fokus op gedifferensieerde ondersteuning aan skole; opleiding van onderwysers; ondersteuning aan leerders; tekste en toerusting; en monitering en evaluering.

Die WKOD se Hoërskoolprogram poog om die aantal leerders wat die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen slaag, te verhoog en die aantal onderpresterende skole te verlaag. Die program bestaan uit 'n gedifferensieerde benadering tot hoërskole in die provinsie, met ondersteuning wat wissel vanaf matige ondersteuning tot hoë-intensiteit ondersteuning met 'n hele-skool fokus vir dié skole waar minder as 60% van leerders in die vorige jaar geslaag het. Dit is duidelik dat 'n program wat slegs op Graad 12 of op Graad 10 – 12 fokus, nie voldoende is om die kwessie van onderprestasie aan te pak nie. Om hierdie rede sal die 2013-program weereens alle grade op hoërskool insluit, met 'n spesiale fokus op Graad 8 en 9 oor sake soos vakkeuse, die belang van gereelde skoolbywoning en die voltooiing van alle werkopdragte, en in Graad 10 – 12 op studiemetodes en dekking van die kurrikulum.

'n Volgehoue bestuursfokus in 2013 sal op die maksimalisering van die hoeveelheid tyd vir onderrig en leer wees. Dit sluit die doeltreffende gebruik van al die onderrigure in die dag in, en ook om die hoeveelheid tyd wat aan toetse en eksamens bestee word, te verminder.

Die Hoërskoolprogram sal in 2013 bou op die gedetailleerde ontleding van Graad 12-uitslae per skool; 'n strategie in reaksie op die uitslae van 2012 ontwikkel en implementeer, insluitend die identifisering van spesifieke vakke met hoë druipekoerse, en die bepaling en kommunikasie van gedifferensieerde teikens vir die volgende NSS-eksamen. Distrikte sal 'n tutorprogram vir vakke met hoë inskrywings opstel. Elke leerder sal 'n stel vorige eksamenvraestelle ontvang. Die boekie "Wenke vir Sukses in NSS" is aan die begin van 2013 vir elke Graad 9- en 12-leerder afgelewer.

Addisionele klasse sal smiddae/naweke/vakansies aangebied word, met vak-spesifieke ondersteuning wat deur spesialis-onderwysers en kurrikulumadviseurs voorsien word. Hierdie ondersteuning sluit standaardstellende prosesse en radioprogramme in. 'n Telematika-program sal by 147 geselekteerde skole uitgesaai word, met regstreekse onderrig in vakke met hoë inskrywings.

Geïdentifiseerde onafhanklike en openbare skole word volgens 'n volgehoue program besoek om onderwysers by te staan met die daarstelling van 'n aanvaarbare standaard van praktiese vorderingstake en Skoolgebaseerde Assesseringstake vir leerders in Graad 8 –12.

Jaarlikse Nasionale Assessering

Die 2012 Jaarlikse Nasionale Assessering is deur 605 322 leerders in Graad 1 – 6 en Graad 9 geskryf. Dit was die eerste jaar dat die volle groep Graad 9-leerders getoets is. Alle openbare gewone skole en 57 onafhanklike skole in die Wes-Kaap was by hierdie nasionale assessering betrokke.

Al die toetse is op skoolvlak onder toesig van die skoolbestuurspan nagesien. Om te verseker dat nasiening in alle skole in die provinsie konsekwent is, is 'n steekproef van drie vraestelle per klas per skool vir Graad 3, 6 en 9 by vyf nasiensentrums in die Wes-Kaap hersien.

Die uitslae van die 2012-toetse is in Januarie 2013 deur die Gesentraliseerde Onderwysbestuurinligtingstelsel (GOBIS) aan skole vrygestel. Elke skool het hul eie uitslae, die uitslae van die kring, die onderwysdistrik en die provinsie ontvang. Die uitslae, tesame met die provinsiale toetsprogram, help om probleme te diagnoseer en vordering in Taal en Wiskunde in skole te moniteer. Die toetsprogram versterk die klem op aanspreeklikheid, asook op die behoefte om gehalte-onderrig te voorsien wat gehalte-leer tot gevolg het.

Die uitslae het die Wes-Kaap as die leidende provinsie geplaas en toon algemene verbetering soos volg:

	WKOD 2011 Taal	WKOD 2012 Taal	Nasionaal 2012 Huistaal	WKOD 2011 Wiskunde	WKOD 2012 Wiskunde	Nasionaal 2012 Wiskunde
Graad 1	67	61	58	66	70	68
Graad 2	55	60	55	58	62	57
Graad 3	46	57	52	36	47	41
Graad 4	42	55	43	35	46	37
Graad 5	39	51	40	35	39	30
Graad 6	43	50	43	41	33	27
Graad 9	NvT	48	43	NvT	17	13

Die Jaarlikse Nasionale Assessering sal in September 2013 plaasvind.

Infrastruktuur

Die WKOD se infrastruktuurplan het sedert 2009 die fokus geplaas op die volgende prioriteitsareas vir geïdentifiseerde ontwikkeling:

- Gebruik van onderbenutte klaskamers in bestaande skole
- Bou van nuwe klaskamers by bestaande skole om oorbevolking te verlig
- Bou van nuwe skole, insluitende spesiale skole, om druk op akkommodasie te verlig
- Vervanging van bestaande skole of klaskamers wat met ongepaste materiaal gebou is
- Instandhouding en herstelwerk
- Voorsiening van Graad R-klaskamers
- Herondersoek van die verhuring van skoolgeboue

Buiten bovermelde, bly die voorsiening en benutting van mobiele klaskamers noodsaaklik om akkommodasie vir dringende en ongeskeduleerde behoeftes te verskaf.

'n Belangrike projek is die vervanging van skole wat met ongepaste materiaal oor die MTUR gebou is. Sewentien (17) skole sal vir die MTUR 2013/14 – 2015/16 vervang word. Die inisiatief om vervalle skole te vervang, is deur die DBO ondersteun met die toekenning van fondse (R934 461 miljoen) om 25 skole te vervang. 'n Innovasie was die program om klaskamers uit te brei, waar addisionele vleuels aangebou word om skole uit te brei sodat meer leerders op 'n kostedoeltreffende wyse ingeskryf kan word. Die uitbreidingsprogram sal voortgaan om die verligtingsprogram aan te vul, waar grondslagfase-klaskamers aangebou word by skole wat druk op akkommodasie ervaar.

Al die data oor skole in die provinsie vir die Nasionale Onderwys Infrastruktuurbestuurstelsel (NEIMS)-databasis, wat deur 'n aangestelde diensverskaffer ingesamel is, is by die DBO ingedien. Wanneer hierdie data op die stelsel vasgelê is, sal toekomstige ontwikkelingsplanne daardeur ingelig word. Die oorweging van onderbenutte klaskamers in bestaande skole, optimalisering van koshuise en verligting van oorbevolking in skole is almal hoë prioriteite vir die WKOD.

Die infrastruktuurplanne vir 2013/14 is gegrond op 'n aansienlik verbeterde ontleding van die aard en trajek van die voorsiening van infrastruktuur. Die Gebruiker-Batebestuursplan (U-AMP) verskaf ruimtelike ontleding van 'n wye verskeidenheid skale, asook die assessering van infrastruktuurbehoefes op 'n mikrovlak (sub-areas binne kringe). Die versterkte beplanning is moontlik gemaak deur die ontwikkeling van 'n opvoedkundige infrastruktuur geografiese inligtingstelsel (GIS) en 'n nuwe mikro-area assessering- en beplanningsmetodologie.

Die WKOD se Infrastruktuur-Beplanningsriglyne is deur middel van GIS in 'n loodsprojek in die Kaapse Wynland Onderwysdistrik (en later in die ander sewe onderwysdistrikte) toegepas. Gevolglik is gedetailleerde assesserings oor agterstande in geografiese sub-areas binne kringe uitgevoer, wat saamgevoeg is om agterstande op distriksvlak en uiteindelik op provinsiale vlak op te som. Die provinsiale opsomming van agterstande word hieronder aangebied: Daar is vier kategorieë van skole, naamlik Klein, Medium, Groot en Ekstra Groot (K, M, G & EG).

Programme/Projekte	Kaapse Wynland	Metro-Noord	Metro-Oos	Metro-Sentraal	Metro-Suid	Eden en Sentraal Karoo	Weskus	Overberg	Provinsie
Nuwe laerskole (K, M, G, EG)	1EG	3EG	1G, 3EG	1G	2EG	1K, 2G, 1EG	1G	1EG	1K, 5G, 11EG
Nuwe hoërskole (K, M, G, EG)	3G, 3EG	2EG	1G, 5EG	1G	0	3EG	2M, 1K	2EG	1K, 2M, 5G, 15EG
Konsolidasie-skole wat nie opknapping nodig het nie	5	8	0	27	0	3	7	5	55
Konsolidasie-skole wat opknapping nodig het	2	5	0	0	0	1	0	0	8
Erg onderbenutte skole	65	7	0	9	11	58	19	10	179
Nuwe skole by bestaande fasiliteite	2	3	1	0	1	0	0	0	7
Opgradering en uitbreiding	2	11	1	5	4	5	0	0	28
Vervanging	14	8	8	10	16	17	12	10	95
Klaskamertoevoegings	21	25	17	0	17	20	12	4	116

Tabel: Agterstande/behoefes per distrik en vir die provinsie as 'n geheel

Terwyl die agterstande aansienlik is, is dit nie so groot soos voorheen aangeneem nie. Die agterstande in instandhouding en vervanging moet by bovermelde skattings gevoeg word. Navorsing (onder beskerming van die Wes-Kaapse Departement van Openbare Werke) oor die lewensiklus-instandhoudingsvereistes van WKOD-skole, toon aan dat daar 'n groter fokus op instandhoudingsvereistes moet wees.

Gegrond op die assessering van die status quo van infrastruktuur, geskatte toekomstige infrastruktuurbehoefes en ander kontekstuele oorwegings, is die belangrikste strategiese fokus soos volg:

1. Die WKOD sal oor die volgende 5 tot 10 jaar nuwe skole bou en die fokus op instandhouding versterk.
2. 'n Balans tussen "breedte" van impak en "diepte" van impak ten opsigte van besteding aan infrastruktuur verbeter. Te min leerders vind tans baat by die impak van infrastrukturenbefondsing.
3. Verseker dat elke skool in die provinsie binne 'n drie- tot vyf-jaar raamwerk goed onderhou is.
4. Bekendstelling van lewensiklus-instandhoudingsbestuur.
5. Skenk aandag aan die ondoeltreffende patrone in die benutting van skoolgeriewe deur 'n proses om gebruike te rasionaliseer en konsolideer.
6. Uitbreiding van fasiliteite wat meer leerders kan akkommodeer. Die druk van inskrywingsyfers word sterk in baie stedelike gebiede en veral in sekere woonbuurte ervaar, wat tot oorbenuiting en oorbevolking lei. Sodanige inskrywingsdruk moet as 'n hoë prioriteit aandag geniet – verskeie strategieë moet toegepas word, insluitend: verskuif oortollige leerders na nabygeleë skole waar ruimte beskikbaar is; brei klaskamers uit by skole wat die druk ervaar of by nabygeleë skole; en bou nuwe skole slegs waar dit absoluut nodig is.

Die begrotingstoekennings oor die MTUR word in onderstaande tabel gegee. Gevolglik word die geleentheid vir groot strategiese verskuiwings die meeste in die 2013/14-tydperk van die MTUR beperk. Meer beduidende verskuiwings is in die later jare (2014/15 en 2015/16) gemaak.

Gebruiker-Batebestuursplan Begrotingsopsomming						
Skool – Laer/Sekondêr/Gespesialiseerd; administrasiegebou; water, elektrisiteit; sanitasie/toilet; omheining, ens.	Begroting vir 2013/2014	%	Begroting vir 2014/2015	%	Begroting vir 2015/2016	%
	R'000		R'000		R'000	
Uitbreidingsklaskamers	27,600	2%	23,267	3%	33,514	3%
Opgraderings en toevoegings	38,381	3%	4,000	0%	18,301	2%
Graad R-klaskamers	37,999	3%	33,610	4%	31,000	3%
Vervangingskole/-klaskamers	707,501	55%	138,688	17%	167,021	16%
Kantoorgeboue	9,893	1%	15,390	2%	16,000	2%
Menslike Hulpbronskapasiteit (JDIP/DORA)	7,000	1%	-	0%	-	0%
Instandhouding (insluitende UOWP)	168,673	13%	227,484	27%	285,118	27%
Mobiele klaskamers (insluitend hervestiging)	7,000	1%	5,000	1%	5,000	0%
Nuwe skole	278,324	22%	371,184	45%	491,651	47%
Infrastruktuurprojekte vir spesiale skole	11,000	1%	11,000	1%	-	0%
Groot totaal	1,293,371	100%	829,623	100%	1,047,632	100%

Tabel: Werklike begrotingstoekennings oor die MTUR

Die verskuiwing na instandhouding gaan nie slegs oor die toename van die gedeelte van die begroting wat aan instandhouding toegeken word nie. Terwyl instandhouding in die verlede hoofsaaklik oor geskeduleerde instandhouding gegaan het, toon onderstaande tabel die reeks gedifferensieerde instandhouding-subprogramme.

Projek	2013/14 R'000	Kommentaar	2014/15 R'000	Kommentaar	2015/16 R'000	Kommentaar
Geskeduleerde instandhouding by skole	92,650	Kies die normale ±150 skole uit die 8 onderwysdistrikte	150	Kies die normale ±150 skole uit die 8 onderwysdistrikte	164,118	Kies die normale ±150 skole uit die 8 onderwysdistrikte
Omheining	2,000		2,000		2,000	
Rand-vir-rand (geskeduleerde instandhouding)	22,000	Implementeer in alle skole	12,000	Implementeer in alle skole	17,000	Implementeer in alle skole
Gemeenskappe in skoolmobilisering	4,023	Loods in 2 distrikte	3,917	Loods in 4 distrikte	12,000	Loods in 8 distrikte
Skole in werkende toestand	3,000	Loods in 1 distrik	8,000	Loods in 4 distrikte	16,000	Loods in 8 distrikte
Spaar water: waterbeperkings	2,000	Stel waterbeperkings by ±130 skole p/j @ R15,000 per skool in. Begin met skole met hoë waterverbruik	2,000		4,000	
Lewensiklus-instandhouding	20,000	Lewensiklus-instandhouding by 10 skole	28,000	Lewensiklus-instandhouding by 14 skole	48,000	Lewensiklus-instandhouding by 25 skole
Noodinstandhouding	20,000	Vir klein tot medium herstelwerk	21,000	Vir klein tot medium herstelwerk	22,000	Vir klein tot medium herstelwerk
Toekenning vir instandhouding	165,673		227,484		285,118	

Tabel: Instandhoudingsbegroting (UOWP uitgesluit)

Onderstaande tabel is 'n opsomming van die hoofprojekte oor die MTUR (2013/14; 2014/15; 2015/2016).

Program 2: Openbare gewone skoolonderwys	12 nuwe sekondêre skole, 13 nuwe laerskole en opknapping/instandhouding van 410 skole. 17 laerskole sal vervang word. Hierdie getal sluit 'n verdere 25 skole (3 hoërskole en 22 laerskole) onder die ASIDI-program uit.
Program 4: Openbare spesiale skoolonderwys	Twee (2) spesiale skole, plus toelae vir spesiale skoolinfrastruktuur
Program 7: Vroeëkindontwikkeling	171 Graad R-klaskamers by laerskole (insluitend die 37 Graad R-klaskamers onder die ASIDI-program)

Die Departement van Basiese Onderwys het 'n verbintenis aangegaan om deur middel van die Versnelde Skoolinfrastruktuur Ontwikkelingsinisiatief (ASIDI), oor die volgende twee jaar 25 vervangingskole in die Wes-Kaap te finansier. Die fondse sal bykomend tot die WKOD se infrastruktuurbegroting wees.

'n Bedrag van R12 miljoen sal aangewend word om 23 skoolkoshuise op te knap.

Die WKOD poog om te verseker dat elke skool in die provinsie binne 'n drie- tot vyf-jaar raamwerk goed onderhou is. Gebreke, vensters, graffiti, deure wat nie toemaak nie, toilette wat nie werk nie en algemene degradering is nadelig vir leerders en onderwysers se motivering. Daadwerklike stappe is gedoen om te verseker dat die vertoonbaarheid-uitkoms in die jongste WKOD Gebruiker-Batebestuursplan bereikbaar, omskryf en voor begroot is.

Daar is effense onsekerheid oor die omvang van toekomstige groei van leerdergetalle in die Wes-Kaap en waar die vraag na inskrywing (bestaande asook nuwe) ruimtelik aan die lig sal kom. Dit hou groot implikasies in vir wat die WKOD wel kan bereik sover dit die uitwissing van agterstande betref. Daar bestaan goeie redes om volgehoue groei in die Wes-Kaap te verwag, maar of die huidige opwaartse neiging in leerdergetalle volgehou sal word, is onseker. Indien die groei matig is, het die WKOD 'n redelike kans om agterstande in te haal as huidige begrotingstoekennings toenemend styg.

Stelsels en ondersteuning vir verbeterde leeruitkomste

Alle prosesse wat tydens die interne en eksterne oudits van 2012 geïdentifiseer is, sal sistematies in 2013 aangepak word om die optimale benutting van beskikbare fondse en gladde en doeltreffende dienslewering aan skole te verseker.

Vier vakaturelyste vir opvoeders word vir 2013 beplan. Poste van skoolhoof sal in elkeen van die vakaturelyste en op aanvraag geadverteer word. Ten einde stabiliteit van bestuur in skole te maksimaliseer, sal die proses van die finalisering van die aanstelling van skoolhoofde, met 'n minimum ophoud, steeds prioriteit geniet. Aanstellingskriteria, wat in die advertensie verskyn, sluit die vereiste in dat kandidate vir skoolbestuur bewys moet lewer van verbeterings wat hulle in hul vorige poste aangebring het. Die vakaturelyste sal verseker dat skole tydig aanstellings maak en sodoende 'n gladde oordrag van leierskap met minimale ontwrigting vir skoolonderwys sal beteken. Skole is voor September 2012 van hulle personeeltoekenning vir 2013 in kennis gestel sodat beplanning en die opstel van tydroosters tydig kon plaasvind. Voortgesette induksieprogramme sal nuwe werknemers ondersteun. Die nuwe e-werwingstelsel behoort alle aspekte van die werwingproses te vergemaklik.

Die moniteringsprogram wat in 2012 bekendgestel is om elemente van die Skoolverbeteringsplanne na te spoor, sal in 2013 voortduur.

Alle aspekte van skoolgereedheid vir 2013 is sistematies behandel. Dit sluit fisiese gereedheid asook kurrikulum- en bestuursgereedheid in, en klem is geplaas op die behoefte vir skole om sorgsame skole te wees. Die nodige meubels is by skole afgelewer voordat hulle in 2013 geopen het. Dit het die bevoorrading van die nuwe skole ingesluit.

Die vroeë inskrywingsprogram vir 2013 het 'n stel goed-gepubliseerde datums gehad vir ouers om hul kinders in te skryf, en distrikskantore het inskrywingskomitees ingestel om ouers van hulp te wees. Hierdie program sal vir 2014 herhaal word.

Die program van induksie en ondersteuning vir Skoolbeheerliggame wat in 2012 verkies is, sal voortduur. Die fokus sal op die verskeidenheid van rolle en verantwoordelikhede van SBL-lede wees, insluitend hulle rol in die aanstelling van skoolhoofde en onderwysers. Daar sal 'n sterk fokus op hulle rol in finansiële bestuur wees.

Voor-diens-beurse word aan voornemende onderwysers toegeken, spesifiek in die skaars vakgebiede van Wiskunde, Wetenskap, Tegnologie en die Grondslagfase. 200 beurse sal in 2013 aangebied word om 'n voortdurende toevoer van nuut-gekwalifiseerde opvoeders in geselekteerde vakke te verseker. 'n Plan is ontwikkel vir oortollige personeel om geplaas te word en vir die ontplooiing van Funza Lushaka beurshouers as permanente of afsonderwysers, waar prakties moontlik. Volgehoue pogings word in hierdie verband aangewend.

Die professionele ontwikkeling van onderwysers en skoolbestuurders is 'n sleutelfokus van die WKOD. Dit sluit 'n reeks kursusse, seminare en konferensies by die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut (KOLI) in. Buiten intensiewe twee- en drie-week kursusse, bied die KOLI ook verskeie seminare en konferensies oor aktuele sake.

In die geval van skoolhoofde, sal daar steeds gefokus word op die voorsiening van meer stabiliteit in skole, asook op die ontwikkeling en ondersteuning van diegene wat onervare is of ekstra mentorskap nodig het. Alle distrikte hou induksiesessies vir nuwe aanstellings. Daarbenewens sal 'n nuwe groep skoolbestuurders met die Gevorderde Sertifikaat in Onderwys: Skoolleierskap begin. KOLI-kursusse in skoolbestuursopleiding sluit die volgende onderwerpe in: *skoolhoof as bestuurder van die kurrikulum; die rolle en verantwoordelikhede van onderhoofde; die rolle en verantwoordelikhede van departementshoofde, van voornemende skoolhoofde en skoolleiers; die induksie van skoolhoofde en onderhoofde; opleiding van skoolbestuurspanne en bevordering van vroue in bestuur.*

Suid-Afrikaanse navorsingstukke dui op die negatiewe impak wat ontwinging op leer het. Daar is dus 'n sterk klem op die behoorlike aanwending van onderrigure. Hierdie klem word ondersteun deur die aanwysers vir kwartaalike verslagdoening oor leerders en onderwysers se afwesigheid en die beleid oor leerderafwesigheid. Daar sal in 2013 volgehoue klem op hierdie sake gelê word.

Ten einde die fokus op meer tyd vir onderrig te versterk, is 'n Beplanningskalender in September 2012 aan skole gestuur.

Stelsels is ook in plek gesit om ontwinging van onderrigtyd te minimaliseer. Amptenare behoort nie vir onderwysers en skoolhoofde weg van hul poste te roep nie. Skole is in kennis gestel dat daar geen onderbreking in die onderwysprogram deur besoekers, NROs en ander aktiwiteite mag wees nie. Die beleid oor skooluitstappies bepaal dat 'n skool by die distriksdirekteur aansoek moet doen voordat leerders op 'n uitstappie geneem word.

Die WKOD sal voortgaan met die implementering van 'n beduidende verhaalprogram deur spesiale "fokusskole"; voeding van leerders; en die voorsiening van geen-fooi skoolonderwys.

Die Norme-en-Standaarde-toekennings vir skole word gewee sodat skole in die meer behoeftige gemeenskappe meer fondse ontvang.

Die “per leerder” bedrae wat vanaf die 2013/14 finansiële jaar aan openbare skole in Nasionale Kwintiel 1, 2 en 3 betaal sal word, sal gelyk wees; met ander woorde, NK 2 en 3 skole sal dieselfde befondsing as NK 1 skole ontvang.

Nasionale teikentoeënnings		
	Lopend	2013/14
Kwintiel 1	R960	R1 010
Kwintiel 2	R880	R1 010
Kwintiel 3	R880	R1 010
Kwintiel 4*	R480	R505
Kwintiel 5*	R165	R252
* <i>Gemiddelde koste vir alle skole</i>		

Die koste van die gelykmaking van hierdie per-leerder bedrae in Nasionale Kwintiel 1 – 3, sal R24 miljoen in 2013/14 en R26 miljoen in 2014/15 beloop.

Daar is meer as 300 fooi-betalende skole in NK 4 en 5, waar die totaal van die fooie gehel plus die per-leerder norme-en-standaarde-befondsing minder is as die hersiene bedrag van R1 010 per leerder wat deur die WKOD aan die Nasionale Kwintiel 1 – 3 skole toegeken word. Fondse sal dus soos volg aan hierdie skole beskikbaar gestel word: in 2013/14 sal die toekenning R18 miljoen wees, wat die gaping met ongeveer 25% sal vernou; in 2014/15 sal die R53 miljoen toekenning die gaping met soveel as 73% verminder.

Status van fooie	Totale aantal skole
Geen fooie nie	669
Skoolgeld word gehel	783
Groototaal	1 452 (uitgesluit die 7 nuwe skole)

Skole is in 2012 deur die WKOD met R21 miljoen vergoed vir die vrystelling van skoolgeld wat aan ouers toegeken is. Hierdie program verleen bystand aan skole wat leerders toelaat wat nie die gelde kan betaal nie. R31 miljoen is in 2012 aangewend om 69 829 leerders in 650 skole te ondersteun en verdere uitbreidings word vir 2013 voorgestel.

Befondsde programme is van toepassing op skole wat as die mees behoeftige volgens die nasionale, armoede-gekoppelde kwintiel (kwintiel 1 - 3) geklassifiseer is.

Die Nasionale Skoolvoedingsprogram sal daaglikse vir meer as 427 576 leerders van voedsame maaltye by 1 020 geteikende laerskole, spesiale skole en sekondêre skole voorsien.

Die leerdervoerskema sal busvervoer na en vanaf skool aan ongeveer 50 000 leerders, grotendeels in landelike gebiede, voorsien. Streng monitering van hierdie stelsel is noodsaaklik om die veiligheid van leerders te verseker. Die stelsel is in 2012 by GOBIS gevoeg om te sorg dat hierdie ingewikkelde bedrywigheid akkuraat bestuur word.

5. Oorsig van 2013/14 begroting en MTUR-beramings

5.1 Uitgaweberamings

BT ¹ 001	Provinsiale onderwyssektor – Sleuteltendense					
	2010/11	2011/12	2012/13	2013/14	2014/15	2015/16
	Werklik	Werklik	Beraam	Beraam	Beraam	Beraam
Inkomste (R'000)						
Billike aandeel	11,035,789	12,069,418	12,922,506	13,937,705	14,831,071	15,895,292
Voorwaardelike toelaes	889,501	1,187,187	1,337,749	1,627,355	1,198,002	1,444,482
Befondsing deur skenkers	0	0	0	0	0	0
Ander finansiering (Batefinansieringsurplus)	8,219	70,630	75,455	9,893	0	0
Eie inkomste	22,234	33,918	24,533	26,965	28,227	29,106
Totaal	11,955,743	13,361,153	14,360,243	15,601,918	16,057,300	17,368,880
Betalings per program (R'000)						
1. Administrasie	497,574	532,038	591,261	599,417	631,491	666,636
2. Openbare gewone skoolonderwys (sien verdere verdelings hieronder)	8,813,431	9,765,759	10,384,098	11,222,303	11,922,781	12,750,339
3. Subsidies vir onafhanklike skole	59,696	63,554	72,697	81,078	85,495	89,428
4. Openbare spesiale skoolonderwys	688,458	754,782	870,479	894,743	954,691	1,008,814
5. Verdere onderwys en opleiding	446,971	534,659	597,589	351,437	373,920	396,219
6. Basiese onderwys en opleiding vir volwassenes	32,152	33,098	35,818	37,896	39,755	41,752
7. Vroeëkindontwikkeling	295,228	339,593	386,030	456,576	508,731	611,681
8. Infrastruktuurontwikkeling	543,258	734,194	790,987	1,293,371	829,623	1,047,632
9. Hulpdienste en verwante dienste	578,975	603,476	631,284	665,097	710,813	756,379
	11,955,743	13,361,153	14,360,243	15,601,918	16,057,300	17,368,880

¹ BT beteken begrotingstabel

BT ² 001	Provinsiale onderwyssektor – Sleuteltendense					
	2010/11	2011/12	2012/13	2013/14	2014/15	2015/16
	Werklik	Werklik	Beraam	Beraam	Beraam	Beraam
Betalings vir openbare gewone skole (R'000)						
2.1 Openbare laerskole	5,241,241	5,741,001	6,028,831	6,497,717	6,894,055	7,411,648
2.2 Openbare sekondêre skole	3,311,542	3,693,241	3,993,087	4,325,526	4,605,170	4,891,658
Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)						
Lopende betalings	10,245,561	11,206,814	12,195,218	13,073,375	13,922,174	15,007,960
Vergoeding van werknemers	9,193,266	9,997,071	10,835,720	11,621,100	12,344,928	13,293,936
▶ Opvoeders	7,861,827	8,568,143	9,270,427	9,938,180	10,556,387	11,383,432
▶ Nie-opvoeders	1,331,438	1,428,928	1,565,293	1,682,920	1,788,541	1,910,504
Goedere en dienste en ander lopende betalings	1,052,295	1,209,743	1,359,498	1,452,275	1,577,246	1,714,024
Oordragte en subsidies	1,260,490	1,483,057	1,422,801	1,315,468	1,433,127	1,493,955
Betalings vir kapitaalbates	448,697	669,240	738,112	1,208,749	697,461	862,218
Betalings vir finansiële bates	995	2,042	4,112	4,326	4,538	4,747
Totaal	11 955 743	13 361 153	14 360 243	15 601 918	16 057 300	17 368 880

² BT beteken begrotingstabel

ST003	Provinsiale onderwyssektor – Indeling is volgens die posvoorsieningsnorme (2013) gedoen				
Programme/Doel van poste	Poste PL1	Poste PL2	Poste PL3	Poste PL4	Totaal
Poste per model versprei	20 151	4 366	1 424	1 530	27 471
Openbare gewone skoolonderwys	18 817	4 366	1 348	1 460	25 991
Openbare laerskole	11 426	2 467	803	1 094	15 790
Openbare sekondêre fase	7 391	1 631	545	366	9 933
Openbare spesiale skoolonderwys	1 334	268	76	70	1 748

Bron: Posvoorsieningsmodel 2013 (Afgerond)

Berekenings is gegrond op die Posvoorsieningsmodel vir 2010 om stabiliteit by instansies te verseker.

Deel C: Program- en subprogramplanne

1. Program 1: Administrasie

Doel: Om oorkoepelende bestuur van, en steun aan die onderwysstelsel te voorsien ingevolge die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, en ander relevante beleidsbepalings.

Ontleding per program:

Die klem sal in 2013 op meer doeltreffendheid rakende administratiewe dienste, verbeterde stelsels, wat die streng toepassing van rekeningkundige praktyke en dissiplines insluit, en op behoeftegebaseerde ondersteuning aan skole wees.

Sleutelfokusareas vir 2013:

- Die hoofdiensleweringareas vir menslike hulpbronne: (i) bestuur van posvoorsiening, met skole wat teen 31 Augustus 2013 ingelig word oor hulle personeeltoewysings vir 2014; (ii) advertering van instansiegebaseerde onderwysposte; (iii) bestuur van die Beleid oor Ongeskiktheidsverlof en Aftrede Weens Swak Gesondheid; (iv) werwing en keuring van bevoegde werknemers; (v) vergoedingsbestuur; (vi) plasing van Funza Lushaka gegradueerdes asook oortollige personeel; en (vii) grondige arbeidspraktyk met interne en eksterne rolspelers.
- Skole sal weer van 'n gestandaardiseerde aanlyn-hulpmiddel voorsien word waarop hulle die Skoolverbeteringsplan kan vaslê. Dit sal skole in staat stel om hulle akademiese tendense te ondersoek ten einde ingeligte besluite oor teikens te neem. Hulle aksieplanne vir skoolverbetering sal ook opgelaa word.
- 'n Aantal besigheidsprosesse sal geoutomatiseer word deur die voorsiening van aanlynfasiliteite, toegang, meganismes vir verslagdoening en monitering aan skole, distrikte en hoofkantoor-eenhede. Dit sluit handboeke en werkboeke, vrystelling van gelde, diensstaat, e-werwing en die skoolvoedingsprogram in.
- Alle afdelings van die WKOD sal nouer aandag skenk aan rekeningkundige praktyke en dissiplines en verkryging ten einde die ouditassessering van die Ouditeur-Generaal te verbeter.
- Die institusionele bestuur- en beheerfunksie in distrikte is hersien en geassesseer volgens die bepalinge van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASA), veral elemente rakende skole se finansiële bestuur en beheer oor die algemeen. Daar sal op die versterking van koördinerende, monitering en evaluering van distrikte deur die werk van IMG-hoofde en -bestuurders gefokus word.
- SBL sal 'n nuwe proses gebruik om hulle werk ten opsigte van artikel 20- en 21-funksies, asook hulle deelname aan die proses van skoolverbeteringsbeplanning in hul onderskeie skole self te assesseer. Die WKOD sal voortgaan om die opleiding van SBL ingevolge die goedgekeurde 3-jaar opleidingsprogram te fasiliteer. Alle SBL sal aan SBL-verenigings moet behoort, waardeur hulle opleiding vanaf Mei 2013 grotendeels sal geskied. Die opleiding sal op finansiële bestuur, keuring en benoeming van personeel en skoolveiligheid en -verfraaiing fokus.
- Die 100-skole finansiële oudit wat in April 2012 voltooi is, het die WKOD van beduidende inligting voorsien oor die feit dat SBL en skoolhoofde in geselekteerde skole opgelei en sterker ondersteun moet word ten opsigte van hulle finansiële bestuursverantwoordelikhede. Na aanleiding van die oudit, sal 81 skole gedurende die eerste helfte van 2013 prioriteitsaandag geniet.
- Distriks personeel sal opgelei word in die bestuur van doeltreffende finansiële beheeromgewings.
- Die WKOD sal die opleiding van Skool Korporatiewe Beamptes (voorheen bekend as Admin. Ontwikkelingsadviseurs) versterk om te verseker dat finansiële bestuur in skole hoë prioriteit geniet.
- Klassifisering van skole ten opsigte van hulle finansiële bestuurstatus sal deur middel van finansiële prestasie-aanwysers en kontroles plaasvind.

Subprogramme

Subprogram 1.1: Kantoor van die LUR

om voorsiening te maak vir die funksionering van die kantoor van die Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) vir Onderwys, in lyn met die ministeriële handboek

Subprogram 1.2: Korporatiewe Dienste

om aan die onderwysstelsel bestuursdienste te voorsien wat nie spesifiek op onderwys gerig is nie

Subprogram 1.3: Onderwysbestuur

om onderwysbestuursdienste aan die onderwysstelsel te voorsien

Subprogram 1.4: Menslike Hulpbronontwikkeling

om menslike hulpbronontwikkeling vir kantoorgebaseerde personeel te verskaf

Subprogram 1.5: Onderwysbestuur-Inligtingstelsel (OBIS)

om 'n Onderwysbestuursinligtingstelsel ingevolge die Nasionale Onderwysinligtingsbeleid beskikbaar te stel

1.1. Strategiese doelwitte, programprestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2013/14

Program 1: Strategiese doelwitte	
Strategiese doelwit 1.1:	Om menslike en finansiële hulpbronne aan te wend in daardie distrikte en skole wat histories onderbelegging ervaar het en om oorhoofse finansiële en MH-bestuur te verseker.
Doelwit-verklaring	<ol style="list-style-type: none"> 1. Om ondersteuning en adviesdienste in finansiële bestuur te lewer, sodat goeie finansiële jaarstate deur ouditbare dokumente gestaaf word en in lyn met Nasionale Tesourie se riglyne is. 2. Om dienste in voorsieningskanaalbestuur te lewer sodat die aantal afwykings ten opsigte van wetlike voorskrifte (insluitend kontroles vir begroting-/verkrygingsbestuur) tot aanvaarbare vlakke van nakoming verminder word. 3. Om, na gelang van fondse, skole maksimaal en differensieel van fondse en personeel volgens die norme en standaarde en geen-fooi status te voorsien. 4. Om distrikte differensieel volgens behoefte van fondse en personeel te voorsien. 5. Om te verseker dat skole permanent-aangestelde onderwysers het deur vier vakaturelyste per jaar te publiseer en die poste binne drie maande na publikasie te vul. 6. Om te verseker dat alle skoolhoofde kennis van hulle diensstaat dra en hulle skoolstrukture, verlofprosesse en arbeidsverhoudingpraktyke tydig bestuur. Alle skole moet voor September van elke jaar hulle toegewese diensstaat ontvang en verseker dat alle vakante poste by die WKOD geregistreer is vir advertering volgens die nasionale en provinsiale riglyne. 7. Om te verseker dat ondersteuningspersoneel in lyn met norme en standaarde toegeken is en skole by te staan met die proses om poste binne drie maande na advertering te vul. 8. Om te verseker die prestasie-assessering van alle staatsdiensamptenare jaarliks voltooi word. 9. Om alle bestuurders by skole op te lei in griewe- en dissiplinêre prosedures en professionele ondersteuning met die bestuur daarvan te bied.
Strategiese doelwit 1.2:	Om die reaktiwiteit en doeltreffendheid van die WKOD te verbeter deur te fokus op die verbetering van die departement se besigheidsprosesse en stelsels.
Doelwit-verklaring	<ol style="list-style-type: none"> 1. Om te verseker dat 'n gehalteverbetering-, resultaat-gebaseerde kultuur op alle vlakke van die organisasie gevestig en toegepas word om verbetering van dienslewering te verseker. 2. Om die <i>Onderwysbestuurinligtingstelsel (OBIS)</i> te handhaaf. <ul style="list-style-type: none"> ▪ Ontwikkel en handhaaf inligtingstelsels om vordering na te spoor en monitor. ▪ Uitbreiding van die hulpmiddel vir bestuursverslagdoening (EduInfoSearch). ▪ Opleiding van bestuur by hoofkantoor en distrikskantore om die verslagdoeningshulpmiddel meer doeltreffend te gebruik. 3. Om die <i>Distrik-Onderwysbestuurinligtingstelsel (DOBIS)</i> te handhaaf. Voorsien distrikte van 'n sentrale bewaarplek vir inligting om besigheidsprosesse in distrikte te stroomlyn en aanspreeklikheid en verslagdoening te versterk. 4. <i>Diensleweringverbeteringsplan</i> Skenk aandag aan alle uitdagings in dienslewering, veral dié wat in die jaarlikse opnames oor kliëntetevredenheid uitgelig is.

Program 1: Strategiese doelwitte	
Strategiese doelwit 1.3:	Om geteikende bestuursopleiding vir amptenare, lede van skoolbestuurspanne en SBL te voorsien.
Doelwit-verklaring	<ol style="list-style-type: none"> 1. Om toepaslike bestuursopleiding en ontwikkelingsprogramme aan te bied ten einde die kennis, vaardighede en bevoegdheidsvlakke van senior bestuurders van die WKOD voortdurend te ontwikkel. 2. Om toepaslike indiensopleiding en ontwikkelingsgeleenthede vir skoolonderwysers by die Kaapse Onderrig-en-Leierskapinstituut (KOLI) te verskaf. 3. Om induksie-opleiding en ondersteuning aan SBL-lede in lyn met hulle aanstellingsiklus te bied.

Risiko-oorsig		
Strategiese doelwitte	Risiko's	Mitigasie
Doelwit 1.1: Om menslike en finansiële hulpbronne aan te wend in daardie distrikte en skole wat histories onderbelegging ervaar het en om oorhoofse finansiële en MH-bestuur te verseker.	<ul style="list-style-type: none"> • Aanstelling van ongepaste kandidate (met inagneming dat aanstellings by skole deur die Skoolbeheerliggaam gedoen word). • Vertraging in aanstellings, bv. deur onbekwaamheid by skole; gebrek aan geskikte aansoekers; ophoude met verwerking. • Moontlike onakkurate identifisering van leerders in nood deur tekortkominge in die Kwintiel-stelsel wat skole kategoriseer. • Inskrywing van behoeftige leerders in skole in hoër kwintiele en versuim om hulle te ondersteun. • Besluite oor fondstoekennings op grond van onvoldoende aandag wat aan mededingende opsies geskenk word of versuim om optimale beleidsbesluite te neem. • Swakhede in die nakoming van die PFMA, kontroles, ens. 	<ul style="list-style-type: none"> • Maksimaliseer kontroles en bekwaamhede om die werwing en keuring van gepaste en kundige persone aan te stel. • Insluiting van werwingsbeplanning by Skoolverbetering-aksieplanne. • Bekendstelling van aanlyn-aansoekproses. • Nuwe stelsel om “geen-fooi” skole te befonds met, effektiewelik, twee soorte befonding in plaas van die vorige vyf kategorieë. • Ondersteuning vir nie-fooi-betalende leerders in skole wat fooie hef. • Aanstelling van ADG: Finansies en van 'n Interne Beheereenheid. • Instelling van 'n nuwe finansiële toekenningsproses en kwartaalmonitering van lewerbares teenoor begroting. • Versterk in alle opsigte pogings om uitstekende bestuur van fondse te verseker.
Doelwit 1.2: Om die reaktiwiteit en doeltreffendheid van die WKOD te verbeter deur te fokus op die verbetering van die departement se besigheidsprosesse en stelsels.	<ul style="list-style-type: none"> • Implementering van ongepaste oplossings 	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik monitering- of oudithulpmiddels om probleme te identifiseer, bv. “Skoolverbeteringsmonitering”; jaarlikse opname oor kliëntetevredenheid; interne audit; hulpmiddel om bestuursprestasie te assesser (MPAT); eie identifisering van tydrawende of ingewikkelde bedrywighede. • Navorsing oor of ontwerp van beste-praktijk oplossings en die loodsing daarvan.
Doelwit 1.3: Om geteikende bestuursopleiding vir amptenare, lede van skoolbestuurspanne en SBL te voorsien.	<ul style="list-style-type: none"> • Voorsien opleiding sonder om bestuurders “weg van die taak” te neem • Voorsien opleiding wat by behoeftes pas 	<ul style="list-style-type: none"> • Reël kursusse oor naweke of na-ure • Ontwikkel buigsame en behoefte-gebaseerde opleidingsprogramme

Programprestasi-aanwyser		Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie 2012/13	Mediumtermyn teikens		
		2009/10	2010/11	2011/12		2013/14	2014/15	2015/16
1.1	Verseker finansiële bestuur	Ongekwali-seerde oudit	Ongekwali-seerde oudit	Gekwali-seerde oudit	Ongekwali-seerde oudit	Ongekwali-seerde oudit	Ongekwali-seerde oudit	Ongekwali-seerde oudit
1.2	Afwydings ten opsigte van tenders bo R500 000	28	19	6	6	6	6	6

1.2. Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR

BT 101	Administrasie – sleuteltendense	2010/11 Werklik	2011/12 Werklik	2012/13 Beraam	2013/14 Beraam	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam
Betalings per subprogram (R'000)							
1.1	Kantoor van die LUR	4,886	5,550	6,843	7,217	7,725	8,193
1.2	Korporatiewe Dienste	210,833	214,370	235,416	247,457	265,412	281,307
1.3	Onderwysbestuur	256,223	285,468	316,436	303,122	321,178	338,251
1.4	Menslike Hulpbronontwikkeling	1,119	1,306	8,881	9,341	3,304	3,456
1.5	Onderwysbestuurinligtingstelsel (OBIS)	24,513	25,344	23,685	32,280	33,872	35,429
Totaal		497,574	532,038	591,261	599,417	631,491	666,636
Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)							
Lopende betalings		366,999	398,383	477,601	488,866	515,516	545,327
Vergoeding van werknemers		250,450	252,346	283,249	310,226	333,792	355,156
▶ Opvoeders		52,595	52,993	59,482	65,147	70,096	74,583
▶ Nie-opvoeders		197,855	199,353	223,767	245,079	263,696	280,573
Goedere en dienste en ander lopende betalings		116,549	146,037	194,352	178,640	181,724	190,171
Oordragte en subsidies		118,653	97,041	51,643	43,308	45,440	47,530
Betalings vir kapitaalbates		10,927	34,572	57,905	62,917	65,997	69,032
Betalings vir finansiële bates		995	2,042	4,112	4,326	4,538	4,747
Totaal		497,574	532,038	591,261	599,417	631,491	666,636

BT 101	Programprestasiemaatstawwe vir Program 1					
	2010/11 Werklik	2011/12 Werklik	2012/13 Beraam	2013/14 Beraam	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam
Programprestasiemaatstawwe vir Program 1						
▶ PPM 101: Aantal openbare skole wat SA SAMS gebruik om data aan die nasionale leerderopspoorstelsel te voorsien ³	1 452	1 453	1 458	1 459	1 469	1 473
▶ PPM 102: Aantal openbare skole wat elektronies (per e-pos) bereik kan word	1 447	1 452	1458	1 459	1 469	1 473
▶ PPM 103: Persentasie lopende onderwysuitgawes wat aan niepersoneelitems bestee word	23.11%	25.18%	24.54%	25.51%	23.11%	23.46%

³ Let wel: Alhoewel skole nie SA SAMS gebruik nie, verskaf hulle almal data aan die nasionale leerderopspoorstelsel deur middel van 'n gelykwaardige onderwysbestuurinligtingstelsel

BT102	Uitgawes per item (2013/14) R'000									
	1. Admin	2. POS	3. Onafh	4. Spes	5. VOO	6. BOOV	7. VKO	8. Infra	9. Hulp	Totaal
Lopende betalings	488,866	10,556,765	-	754,766	302,639	10,347	127,245	175,494	657,253	13,073,375
Vergoeding van werknemers	310,226	9,641,600	-	736,741	302,639	8,905	75,342	5,948	539,699	11,621,100
Salarisse en lone	270,741	8,384,131	-	639,395	270,102	8,648	64,986	5,948	482,996	10,126,947
Maatskaplike bydraes	39,485	1,257,469		97,346	32,537	257	10,356		56,703	1,494,153
Goedere en dienste	178,640	915,165	-	18,025	-	1,442	51,903	169,546	117,554	1,452,275
Administratiewe fooie	894	30	-	-	-	-	-	-	84	1,008
Reklame	4,917	1,580		-		406	2	-	1,040	7,945
Agentskap- en steun-/uitbestede dienste	11,984	226,670		79		-	40,206	747	2,854	282,540
Bates <R5 000	21,130	42,596		-		-	-	126	2,960	66,812
Ouditkoste Ekstern	12,964	-		-		-	-	-	-	12,964
Beurse (werknemers)	690	9,340		-		-	-	-	-	10,030
Spyseniering: Departementele aktiwiteite	1,313	12,838		38		38	55	-	1,175	15,457
Kommunikasie	5,545	299		-		-	1	-	6,028	11,873
Rekenaardienste	21,820	11		50		-	-	-	308	22,189
Kons/prof: Besigheids- en adviesdiens	26,895	5,969		1,804		6	-	-	1,644	36,318
Kons/prof: Regskoste	2,248	-		-		-	-	-	-	2,248
Kontrakteurs	8,305	787		-		-	-	0	236	9,328
Vermaak	276	2		-		-	-	-	200	478
Vlootdienste	-	-		-		-	-	-	2	2
Voorraad: Voedsel en voedselvoorraad	6	968		-		-	-	-	-	974
Voorraad: Leer-en-onderrig- ondersteuningsmateriaal	17,739	308,215		4,197		-	5,429	-	783	336,363
Voorraad: Materiaal en voorraad	6	37		-		-	-	-	132	175
Voorraad: Mediese voorraad	-	-		-		-	-	-	4,139	4,139
Voorraad: Ander verbruiksgoedere	67	199		12		-	-	-	412	690
Voorraad: Skryfbehoeftes en drukwerk	8,558	5,475		3		715	116	-	24,399	39,266
Bruikhuurbetalings	3,045	641		1		-	-	-	4,139	7,826

BT102 (vervolg)	Uitgawes per item (2013/14) R'000									
	1. Admin	2. POS	3. Onafh	4. Spes	5. VOO	6. BOOV	7. VKO	8. Infra	9. Hulp	Totaal
Bedryfsuitgawes	7,729	860		-		11	-	-	6,750	15,350
Eiendomsbetalings	578	67,416		87		-	-	168,673	18,238	254,992
Huur en verhuring	-	24		-		-	-	-	3	27
Opleiding en ontwikkeling	937	25,392		3,610		-	1,016	-	1,255	32,210
Vervoer: Departementele aktiwiteit	17	187,302		-		-	5,000	-	5	192,324
Reis en verblyf	17,405	9,780		8,082		91	64	-	32,752	68,174
Lokale en fasiliteite	3,572	8,734		62		175	14	-	8,016	20,573
Rente en huurgeld op grond	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Rente										
Huurgeld op grond										-
Betalings vir finansiële bates	4,326									4,326
Oordragte en subsidies	43 308	651 668	81 078	126 709	48 798	27 549	329 331		7 027	1,315,468
Departementele agentskappe en rekeninge	2	2							5,817	5,821
Instansies sonder winsbejag	41,433	623,681	81,078	125,319	48,798	27,549	327,876	-	442	1,276,176
Artikel 21-skole LOOM		347,071								347,071
Artikel 20-skole		154,340								154,340
Ander onderwysinstansies	41,433	122,270	81,078	125,319	48,798	27,549	327,876		442	774,765
Huishoudings	1,873	27,985		1,390			1,455		768	33,471
Betalings vir kapitaalbates	62,917	13,870	-	13,268	-	-	-	1,117,877	817	1,208,749
Geboue en ander vaste strukture	-	6,000	-	10,112	-	-	-	1,117,698	-	1,133,810
Geboue		0		0				985,396		985,396
Ander vaste strukture		6,000		10,112				132,302		148,414
Masjinerie en toerusting	60,681	7,870	-	3,156	-	-	-	179	817	72,703
Vervoertoerusting										-
Ander masjinerie en toerusting	60,681	7,870		3,156				179	817	72,703
Sagteware en ander ontasbare bates	2,236	-								2,236
Groototaal	599,417	11,222,303	81,078	894,743	351,437	37,896	456,576	1,293,371	665,097	15,601,918

1.3. Prestasie- en uitgawetendense

Die afname in uitgawes is hoofsaaklik toe te skryf aan die institutionalisering van die Khanya-projek en die gevolglike vermindering in poste.

1.4. Kwartaalike teikens vir 2013/14

Programprestasiemaatstaf/Programprestasie-aanwyser		Verslag-tydperk	Jaarlike teiken 2013/2014	Kwartaalike teikens			
				1 ^{ste}	2 ^{de}	3 ^{de}	4 ^{de}
PPM101	Aantal openbare skole wat SA SAMS gebruik om data aan die nasionale leerderopspoorstelsel te voorsien	2013/14	1 459	1 459	1 459	1 459	1 459

2. Program 2: Openbare gewone skole

Doel: Om openbare gewone onderwys vanaf Graad 1 tot 12 ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet en Witskrif 6 oor inklusiewe onderwys te voorsien

Ontleding per program:

Die fokus van hierdie program sal in 2013 op die stelsels wees wat nodig is vir 'n verrykende leerervaring ter ondersteuning van die drie doelwitte van die WKOD.

Sleutelfokusareas vir 2013:

- Skoolverbeteringsplanne (SVP) waarin skole oor 'n drie-jaar siklus teikens stel vir die sleutelprioriteite gelys in Aksieplan 2014, insluitende teikens vir akademiese prestasie in elke graad. Deur hierdie oefening sal daar aandag geskenk word aan gehalte-onderdruip, die bestuur van hulpbronne en die vermindering van onderwysers en leerders se afwesigheid.
- Die ontwikkeling van onderwysers sal geteiken word, beide oor die algemeen en deur die KABV-program.
- Ondersteuning vir die Geletterdheid-en-Gesyferdheidstrategie.
- Ondersteuning vir die Wiskunde-en-Natuurwetenskapstrategie.
- Die voldoende voorsiening van handboeke, meubels en toerusting sal steeds 'n prioriteit bly. Hierdie program sal voorsiening prioriteiseer op grond van behoeftes en ter ondersteuning van die prioriteite van die WKOD.
- Versterking van stelsels vir LOOM-bestuur en aanwending daarvan op skool- en distriksvlak.
- Die aandag van alle amptenare sal gevestig wees op die lewering van ondersteuning aan skole, veral in behoeftige areas en gegrond op 'n gedifferensieerde benadering ten opsigte van omvang en gereeldheid.
- Fondse wat vir voorwaardelike toelaes bestem is, sal aangewend word vir die ondersteuning van behoeftiges en om toegang en uitnemendheid te bevorder. Dit behels die Nasionale Skoolvoedingsprogram en die MIV/Vigs-program; die Dinaledi-program vir die verbetering van uitslae in Wiskunde en Natuurwetenskap; en twee toelaes vir infrastruktuur.
- Aandag sal geskenk word aan die aantal herhalings in alle grade, maar veral in Graad 1 en 9, met intervensies om dit te bekamp. IBB-bestuurders sal vanaf die begin van die jaar patrone van akademiese prestasie by skole naspoor, en ondersteuning bied om akademiese prestasie te verbeter.
- Daar sal 'n fokus wees op die gehalte van Graad R en Graad 1 (sien ook Program 7) om te verseker dat kinders gereed is vir Graad 1. Die Graad R- en Graad 1-omkeerplanne sal op grond van die 2012 assesseringsuitslae verfyn en versterk word.
- Die inkrementele bekendstelling van regulasies en beleide sal verder tot die gehalte van skoolonderwys bydra.
- Skoolhoofde sal in finansiële bestuur opgelei word ten einde hulle finansiële en ander verpligtinge ingevolge artikel 16A van die SASA na te kom. Die finansiële bestuursfunksie sal ook via die SIM elektroniese hulpmiddel gemoniteer word.
- In die belang van die daarstelling van 'n kultuur van gehalteverbetering op alle vlakke van die organisasie, sal amptenare en onderwysers voortdurend toepaslike opleiding en ontwikkeling ondergaan.
- Daar sal klem geplaas word op skole om sorgsame skole te wees, met toenemende implementering van die Raamwerk vir die Sorg en Ondersteuning van Onderrig en Leer. Dit sal verder aangevul word deur die implementering van die Program vir Geïntegreerde Skoolgesondheid.
- Basiese sporttoerusting sal voorsien word aan 100 skole, insluitend 30 MOD-sentrums, wat nie oor enige toerusting beskik nie. 1 000 skole sal ondersteun word om in 2013 vir sportligas te registreer.
- Die Verteenwoordigende Raad van Leerlinge (VRL) sal versterk word. Alle skole met onderwysers in Graad 8 tot 12 sal hersiene lêers vir VRL-ondersteuning ontvang, wat die funksies van VRLe en Onderwyser-Skakelbeamptes (OSBe) uiteensit. Die opleiding sal oor naweke en gedurende skoolvakansies plaasvind, in lyn met die doelwitte van die Gehalte van Leer en Onderrig-veldtog (QLTC).

- Die operateurs van die Veilige Skole Inbelsentrum, distriksgebaseerde Veilige Skole Koördineerders en veldwerkers sal 'n reeks spesifieke sorg- en ondersteuningsdienste bied aan skole wat deur misdaad en geweld geraak word. Die klem sal geplaas word op skole wat beveilig word deur die voorsiening van die noodsaaklike toerusting aan 50 nuwe skole

Subprogramme

Subprogram 2.1: Openbare Primêre Vlak

om spesifieke openbare primêre gewone skole met die hulpbronne toe te rus wat vir Graad 1 tot 7 benodig word

Subprogram 2.2: Openbare Sekondêre Vlak

om spesifieke openbare sekondêre gewone skole met die hulpbronne toe te rus wat vir Graad 8 tot 12 benodig word

Subprogram 2.3: Menslike Hulpbronontwikkeling

om voorsiening te maak vir die professionele en ander ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in openbare gewone skole

Subprogram 2.4: Skoolsport, kultuur en mediadienste

Nie van toepassing nie

Subprogram 2.5: Voorwaardelike toelaes

Om voorsiening te maak vir projekte onder program 2 wat deur die Departement van Basiese Onderwys gespesifiseer word en deur voorwaardelike toelaes befonds word.

2.1. Strategiese doelwitte, programprestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2013/14

Strategiese doelwit 2.1:	Om te verseker dat onderwysers deur middel van voortdurende professionele ontwikkeling toegerus is om te onderrig.
Doelwitverklaring	<ol style="list-style-type: none"> 1. Om die Program vir Werkplekvaardigheidsontwikkeling vir alle WKOD-werknemers te bestuur d.m.v. die voorsiening van toepaslike opleiding en ontwikkelingsgeleenthede vir alle WKOD-werknemers. 2. Om volgehoue professionele ontwikkeling van onderwysers te fasiliteer ten einde gehalte-onderrig en -leer in die klaskamer te verseker. 3. Om toepaslike indiensopleiding en ontwikkelingsgeleenthede vir onderwysers en skoolleiers by die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut (KOLI) aan te bied. 4. Om leer materiaal en -toerusting, opleiding en magtigende beleide te voorsien en, deur die ontwikkeling van onderwysers se kennis en vaardighede, ondersteuning aan skole te bied sodat hulle aan die akademiese eise van die kurrikulum en pas van akademiese lewering kan voldoen. 5. Verseker dat bestuurders bevoegd is om die NKV doeltreffend te implementeer. 6. Voorsien opleiding in data-ontleding, byvoorbeeld toetspunte. 7. Versterk die gehalte van assesseringspraktyke in klaskamers. 8. Verseker die implementering van inklusiewe-onderwys. 9. Gehalteversekering van onderrig-, leer- en assesseringsprosesse. 10. Verseker 'n doeltreffende stelsel om die kurrikulum te implementeer, monitor en ondersteun.
Strategiese doelwit 2.2:	Om te verseker dat uitkomst in geleterdheid en gesyferdheid verbeter deur die maksimum hulpbronne (menslike én finansiële) vir die eerste drie jaar van skoolonderwys aan te wend.
Doelwitverklaring	<ol style="list-style-type: none"> 1. Voorsien sistemiese onderwysersondersteuning en -ontwikkeling in inhoud en metodologie vir Wiskunde en Taal deur 'n langtermyn, skoolgebaseerde intervensiemodel vir alle skole. 2. Voorsien leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal om Tale en Wiskunde te versterk. 3. Voer jaarlikse WKOD sistemiese toetse op leerders in Graad 3, 6 en 9 uit. 4. Gebruik toetspunte van WKOD sistemiese toetse, asook die Jaarlikse Nasionale Assesserings, om intervensies en hulpbronvoorsiening in te lig. 5. Lei SBS-spanne op om die uitslae te interpreteer sodat doeltreffende remediëring in plek gesit kan word, waar nodig.

Strategiese doelwit 2.3:	Om die uitstekende bestuur van skole te verseker.
Doelwit-verklaring	<ol style="list-style-type: none"> 1. Distrikskantore sal skole deur 'n verskeidenheid toepaslike dienste ondersteun. 2. Die onderwysers en bestuurders by elke skool in die provinsie sal die toepaslike kwalifikasies, kennis en vaardighede hê om die vakke wat aan hulle toegewys is, aan te bied sodat leer optimaal is. 3. Prestasie-ooreenkomste, teikens en ander maatstawwe vir aanspreeklikheid, asook stelsels sal ontwikkel word om te verseker dat almal in die aanspreeklikheidsketting bewus is van hulle verpligtinge, verantwoordelikheid vir probleme en mislukkings sal aanvaar en stappe sal doen om swak punte reg te stel.
Strategiese doelwit 2.4:	Om te verseker dat elke klaskamer teksryk is.
Doelwit-verklaring	<ol style="list-style-type: none"> 1. Die sistemiese uitrol van die voorsiening van boeke ter ondersteuning van onderrig en leer in die klaskamer. Dit sal leesmateriaal, handboeke in die Grondslagfase en boeke ter ondersteuning van die implementering van die kurrikulum insluit. 2. Voorsien toegang tot IKT-infrastruktuur en stelsels. 3. Voorsien toegang tot digitale inhoud vir leerders, onderwysers en kantoorgebaseerde personeel. 4. Voorsien toegang vir skole tot 'n lys van aanbevole sagteware. 5. Voorsien toegang aan bestuurders en amptenare van die WKOD, onderwysers en leerders tot digitale, elektroniese en gedrukte inligting. 6. Ontwikkel en ondersteun beste praktyke in biblioteekwese en inligtingstegnologie.
Strategiese doelwit 2.5:	Om geteikende maatreëls vir voeding, armoedeverligting en veiligheid te voorsien.
Doelwit-verklaring	<ol style="list-style-type: none"> 1. Voorsien 'n voedsame daaglikse maaltyd aan daardie leerders wat die meeste in nood is. 2. Verseker dat die ondersteuning van "geen-fooi-skole" gehandhaaf en uitgebrei word na gelang van versoeke en befondsing. 3. Verseker dat kwesbare leerders deur programme in beroepsvoorbereiding en ander inisiatiewe ondersteun word om vroeë skoolverlating te verhoed of dat hulle die slagoffers van vernietigende invloede in die samelewing word. 4. Fokus in die breë op die veiligheid van onderwysers, leerders en ondersteuningspersoneel en op die beskerming van eiendom deur programme wat ontwerp is om veilige en doeltreffende omgewings te skep wat bevorderlik vir onderrig en leer is.
Strategiese doelwit 2.6:	Om te verseker dat onderwysers by demografiese tendense inpas.
Doelwit-verklaring	<ol style="list-style-type: none"> 1. Voorsien 'n MH-beplanning- en implementeringsdiens wat verseker dat besluite oor personeel op grond van bewyse geneem word. 2. Voorsien vier vakaturelyste per jaar om voldoende plasing van onderwysers te verseker. 3. Lig skole teen September van elke jaar in oor hulle personeeltoekenning vir die volgende jaar.

Risiko-oorsig		
Doelwit	Risiko's	Mitigasie
Strategiese Doelwit 2.1: Om te verseker dat onderwysers deur middel van voortdurende professionele ontwikkeling toegerus is om te onderrig.	<ul style="list-style-type: none"> • Identifiseer diegene wat ontwikkeling die nodigste het • Vind gepaste tye vir die ontwikkeling • Voorsien pasgemaakte kursusse na gelang van verskillende behoeftes 	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik skooluitslae om te bepaal wie spesiale ondersteunende opleiding moet ondergaan • Bied kursusse slegs na ure aan of volgens die KOLI-model om plaasvervangende onderwysers te voorsien om klasse aan te bied • Ontwikkel buigsame, behoeftegebaseerde programme
Strategiese doelwit 2.2: Om te verseker dat uitkomst in Taal en Wiskunde verbeter deur die maksimum hulpbronne (menslike én finansiële) vir die eerste drie jaar van skoolonderwys aan te wend.	<ul style="list-style-type: none"> • Versuim om ten volle in die behoeftes van diegene met leerhindernisse te voorsien • LOOM wat verskaf word, word nie gebruik en/of versorg nie • Swak bestuur op skoolvlak van inskrywing, personeelvoorsiening, opstel van tydroosters, kurrikulumlewering en bywoning • Onderwysers se opleiding is 	<ul style="list-style-type: none"> • Voorsien toepaslike opleiding en fokus veral op skole met die grootste behoeftes • Verseker dat skole oor stelsels beskik om materiaal te versorg en boeke aan die einde van die jaar in te samel • Fokus op geïdentifiseerde bestuurselemente deur skoolverbeteringsplanne, ondersteuning, prosesse vir monitering en aanspreeklikheid, met 'n spesifieke fokus op skole waar akademiese prestasie swak is.

Risiko-oorsig		
Doelwit	Risiko's	Mitigasie
	onvoldoende	<ul style="list-style-type: none"> • Verseker dat opleiding van 'n hoë vlak is en bied op 'n volgehoue grondslag opknappingskursusse vir onderwysers aan.
Strategiese doelwit 2.3: Om die uitstekende bestuur van skole te verseker.	<ul style="list-style-type: none"> • Swak aanstellings (bestaande of nuwe aanstellings) • WKOD het te min personeel of is swak toegerus om voldoende ondersteuning te gee/beheer toe te pas • Te veel administratiewe probleme en onvoldoende tyd/vaardighede vir kurrikulumbestuur • Uitdagings wat deur sosiale euwels aan skoolonderwys gestel word 	<ul style="list-style-type: none"> • Ondersteun bestuurders en hou hulle aanspreeklik • Implementeer stappe om die beste aanstellings te maak • Verleen bystand aan bestuurders wat probleme ondervind met tydbestuur en die bekendstelling van administratiewe en verbeterings aan kurrikulumbestuur • Voorsien leiding en sosio-emosionele ondersteuning deur die verskeie ondersteuningstelsels wat in Program 2 en 4 beskryf word.
Strategiese doelwit 2.4: Om te verseker dat elke klaskamer teksryk is	<ul style="list-style-type: none"> • Koste – insluitend die koste om materiaal aan te vul • Verwaarloos van/ swak beheer oor materiaal • Geskikte materiaal in die taal van die leerders 	<ul style="list-style-type: none"> • Koste waarvoor begroot is, met gesentraliseerde bestelling volgens voorafgestelde tydsraamwerke om koste laag te hou • Daar word van skole verwag om 'n doeltreffende herwinningstelsel te hê • Identifisering van geskikte materiaal in die taal van voorkeur
Strategiese doelwit 2.5: Om geteikende maatreëls vir voeding, armoede-verligting en veiligheid te voorsien.	<ul style="list-style-type: none"> • Beheer oor die kwaliteit en kwantiteit van voedsel • Tyd om maaltye te bedien • Wydverspreide en onvoorspelbare veiligheidsrisiko's • Hoë aanvraag na psigososiale ondersteuning 	<ul style="list-style-type: none"> • Streng voorskrifte oor kwaliteit en kwantiteit van voedsel en goeie monitering en beheer-maatreëls • Leerders moet vroeg in die oggend gevoer word om vir hulle 'n goeie grondslag te gee en sodat dit nie met onderrigtyd inmeng nie • Beleide en stelsels in plek vir proaktiewe voorkoming en doeltreffende behoefte-gebaseerde intervensie en ondersteuning • Verseker dat alle skole funksionele ondersteuning op institusionele vlak het
Strategiese doelwit 2.6: Om te verseker dat onderwysers voorsien word om by groeiendense aan te pas.	<ul style="list-style-type: none"> • Voorspel inskrywings • Werwing van doeltreffende onderwysers in skole wat vinnig of onverwags uitbrei 	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik data om inskrywings te voorspel, waar moontlik • Verseker dat daar finansiële voorsiening is vir die aanstelling van afsonderwysers en planne om die bestes te werf

Programprestasie-aanwyser		Geouditeerde/Werklike prestasie			2012/13	Mediumtermyn teikens		
		2009/10	2010/11	2011/12		2013/14	2014/15	2015/16
2.1.	Leerders in die skoolstelsel behou vanaf Graad 10 – 12	53%	56.7%	57%	61%	62%	63%	64%
2.2.	Aantal addisionele skole wat beveilig is met alarms wat gekoppel is aan gewapende reaksie, diefwering, en klipskerms op vensters	50	50	50	50	50	50	50
2.3.	Aantal beurse aan verdienstelike studente toegeken vir vier jaar formele studie aan Hoër Onderwysinstansies	120	137	114	200	200	200	200

2.2. Rekonsiliasie van prestasie-teikens met die begroting en MTUR

BT 201	Openbare gewone skole – Sleuteltendense					
	2010/11 Werklik	2011/12 Werklik	2012/13 Beraam	2013/14 Beraam	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam
Betalings per subprogram (R'000)						
2.1 Openbare laerskole	5,241,241	5,741,001	6,028,831	6,497,717	6,894,055	7,411,648
2.2 Openbare sekondêre skole	3,311,542	3,693,241	3,993,087	4,325,526	4,605,170	4,891,658
2.3 Menslike hulpbronontwikkeling	87,620	86,181	88,818	112,295	117,800	123,220
2.4 Voorwaardelike toelaes	173,028	245,336	273,362	286,765	305,756	323,813
Totaal	8,813,431	9,765,759	10,384,098	11,222,303	11,922,781	12,750,339
Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)						
Lopende betalings	8,346,655	9,129,844	9,819,189	10,556,765	11,200,175	11,997,719
Vergoeding van werknemers	7,635,610	8,346,726	8,967,371	9,641,600	10,228,730	10,967,810
- Opvoeders	6,872,049	7,512,053	8,070,634	8,677,440	9,205,857	9,871,029
- Nie-opvoeders	763,561	834,673	896,737	964,160	1,022,873	1,096,781
Goedere en dienste en ander lopende betalings	711,045	783,118	851,818	915,165	971,445	1,029,909
Oordragte en subsidies	465,475	629,374	558,035	651,668	708,056	737,402
Betalings vir kapitaalbates	1,301	6,541	6,874	13,870	14,550	15,218
Totaal	8,813,431	9,765,759	10,384,098	11,222,303	11,922,781	12,750,339

BT 202	Openbare laerskole – Sleuteltendense					
	2010/11 Werklik	2011/12 Werklik	2012/13 Beraam	2013/14 Beraam	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam
Betalings per ekonomiese klassifikasie(R'000)						
Lopende betalings	4,949,736	5,389,935	5,682,296	6,104,715	6,455,697	6,955,732
Vergoeding van werknemers	4,675,110	5,112,583	5,376,577	5,788,709	6,102,347	6,571,737
- Opvoeders	4,254,349	4,652,450	4,838,919	5,209,838	5,492,112	5,914,563
- Nie-opvoeders	420,761	460,133	537,658	578,871	610,235	657,174
Goedere en dienste en ander lopende betalings	274,626	277,352	305,719	316,006	353,350	383,995
Oordragte en subsidies	291,491	351,066	342,546	388,806	433,956	451,312
Betalings vir kapitaalbates	14	0	3,989	4,196	4,402	4,604
Totaal	5,241,241	5,741,001	6,028,831	6,497,717	6,894,055	7,411,648

BT 203	Openbare sekondêre skole – Sleuteltendense					
	2010/11 Werklik	2011/12 Werklik	2012/13 Beraam	2013/14 Beraam	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam
Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)						
Lopende betalings	3,134,667	3,445,758	3,806,169	4,113,677	4,380,596	4,657,372
Vergoeding van werknemers	2,951,214	3,224,025	3,576,991	3,838,110	4,110,615	4,379,309
- Opvoeders	2,656,092	2,901,622	3,219,292	3,454,299	3,699,554	3,941,378
- Nie-opvoeders	295,122	322,403	357,699	383,811	411,061	437,931
Goedere en dienste en ander lopende betalings	183,453	221,733	229,178	275,567	269,981	278,063
Oordragte en subsidies	176,642	247,084	186,918	211,849	224,574	234,286
Betalings vir kapitaalbates	233	399	0	0	0	0
Totaal	3,311,542	3,693,241	3,993,087	4,325,526	4,605,170	4,891,658

BT 204	Openbare gewone skool – personeelvoorsiening vind via die skoolbefondsingsnorme plaas (2013/14)			
Programme/regstatus/armoedekwintiele	Skole	Totale uitgawes (R'000)	Leerders	Uitgawe per leerder R
2.1 Openbare laerskole				
Nie-Artikel 21-skole	255	125,265	159,628	785
Kwintiel 1 (mees behoeftige)	51	18,490	18,277	1,010
Kwintiel 2	48	41,384	40,974	1,010
Kwintiel 3	47	35,031	34,684	1,010
Kwintiel 4	68	22,829	39,960	571
Kwintiel 5 (minste behoeftige)	41	7,531	25,733	293
Artikel 21-skole	832	263,404	438,370	601
Kwintiel 1 (mees behoeftige)	240	47,214	46,648	1,010
Kwintiel 2	87	51,360	50,851	1,010
Kwintiel 3	80	57,497	56,928	1,010
Kwintiel 4	172	71,279	126,472	564
Kwintiel 5 (minste behoeftige)	253	36,053	157,471	229
Totaal	1,087	388,669	597,998	650
2.2 Openbare sekondêre skole				
Nie-Artikel 21-skole	95	74,383	94,502	787
Kwintiel 1 (mees behoeftige)	11	11,451	11,338	1,010
Kwintiel 2	16	18,445	18,262	1,010
Kwintiel 3	26	29,479	29,187	1,010
Kwintiel 4	20	8,186	15,739	520
Kwintiel 5 (minste behoeftige)	22	6,823	19,976	342
Artikel 21-skole	270	127,782	244,151	523
Kwintiel 1 (mees behoeftige)	11	12,024	11,905	1,010
Kwintiel 2	12	13,594	13,459	1,010
Kwintiel 3	40	38,995	38,609	1,010
Kwintiel 4	66	33,213	64,078	518
Kwintiel 5 (minste behoeftige)	141	29,956	116,100	258
Totaal	365	202,165	338,653	597
Totaal vir nie-artikel-21-skole	350	199,648	254,130	786
Totaal vir artikel-21-skole	1,102	391,186	682,521	573
Totaal vir Kwintiel 1	313	89,180	88,168	1,010
Totaal vir Kwintiel 2	163	124,781	123,546	1,010
Totaal vir Kwintiel 3	193	161,002	159,408	1,010
Totaal vir Kwintiel 4	326	135,507	246,249	550
Totaal vir Kwintiel 5	457	80,363	319,280	252
Groottotaal	1,452	590,834	936,651	631
Program 2 (niepersoneel niekapitaalbegroting)		1,566,833		
Vlak van "bo-besnoeiing"		33.1%		

Programprestasiemaatstawwe vir Program 2	2010/11 Werklik	2011/12 Werklik	2012/13 Beraam	2013/14 Beraam	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam
▶ PPM201: Aantal leerders in openbare gewone skole ingeskryf	919 936	921 776	934 992	940 000	945 000	950 000
▶ PPM202: Aantal opvoeders in diens by openbare gewone skole	28 695	28 842	28 800	28 800	28 850	28 900
▶ PPM203: Aantal nie-opvoedkundige personeel in diens by openbare gewone skole	6 681	6 470	6 900	6 900	6 900	6 900
▶ PPM204: Aantal leerders in openbare gewone skole wat by die “geen-fooi-skool”- beleid baat.	365 112	368 142	368 226	371 122	371 122	371 122
▶ PPM205: Aantal leerders wat baat by die Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP)	415 829	426 707	427 526	427 526	430 000	432 000
▶ PPM206: Aantal leerders wat baat by leerdervoer	48 786	50 992	50 526	50 000	50 000	50 000
▶ PPM207: Aantal leerders met spesiale onderwysbehoefte wat by openbare gewone skole ingeskryf is	12 691	6 973 ⁴	7 596	7 600	7 600	7 600
▶ PPM208: Aantal volle-diens-skole ⁵	39	11	12	8	8	8
▶ PPM209: Aantal skole wat ten minste een keer 'n kwartaal deur 'n kringbestuurder besoek word	1 453	1 514 ⁶	1 532	1 533	1 543	1 547

2.3. Prestasie- en uitgawetendense:

Subprogram 2.1 en 2.2: Openbare laer- en sekondêre skole

Die toename in uitgawes kan grotendeels toegeskryf word aan die verbetering in diensvoorwaardes en inflasie.

Subprogram 2.3: Opleiding van onderwysers

Beurse vir leerlingonderwysers word deur hierdie subprogram gedek.

Subprogram 2.4: Voorwaardelike toelaes

Die toename in uitgawes is weens die toename in die Voorwaardelike Toelae-befondsing vir die sektor.

⁴ Die definisie van “gestremdheid” is in die Jaarlikse Skoolopname in 2011/12 verander.

⁵ Dit verwys na die aantal skole wat in die gegewe jaar gestig sal word

⁶ Syfer aangepas om spesiale skole in te sluit

2.4 Kwartaalike teikens vir 2013/14

Programprestasiemaatstawwe/-aanwysers		Verslag-tydperk	Jaarlike teiken 2013/2014	Kwartaalike teikens			
				1 ^{ste}	2 ^{de}	3 ^{de}	4 ^{de}
PPM 202	Aantal opvoeders in diens by openbare gewone skole	Kwartaalike	28 800	28 800	28 800	28 800	28 800
PPM 203	Aantal nie-opvoedkundige personeel in diens by openbare gewone skole	Kwartaalike	6 900	6 900	6 900	6 900	6 900
PPM 205	Aantal leerders wat baat by die Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP) (kwartaalike)	Kwartaalike	427 526	427 526	427 526	427 526	427 526
PPM 206	Aantal leerders wat baat by leerdervoer	Kwartaalike	50 000	50 000	50 000	50 000	50 000
PPM 209	Aantal skole wat ten minste een keer 'n kwartaal deur 'n kringbestuurder besoek word	Kwartaalike	1 532	1 532	1 532	1 532	1 532
PPI 2.4	Afwesigheid van opvoeders in openbare gewone skole as 'n % uitgedruk	Kwartaalike	4%	4%	4%	4%	4%
PPI 2.5	Afwesigheid van leerders in openbare gewone skole as 'n % uitgedruk	Kwartaalike	7%	7%	7%	7%	7%
PPI 2.6	Aantal onderwysers in Graad 1 - 6 wat formele kurrikulumopleidingsprogramme by die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut bywoon	Kwartaalike	1470	300	520	250	400
PPI 2.7	Aantal lede van skoolbestuurspanne wat by die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut opgelei word	Kwartaalike	750	140	380	30	200

3. Program 3: Subsidies vir onafhanklike skole

Doel: Om onafhanklike skole ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet te ondersteun.

Ontleding per program:

Daar bestaan twee kategorieë van onafhanklike skole: dié wat behoeftige leerders bedien en 'n subsidie van die WKOD ontvang, en dié wat nie, maar wat by die WKOD geregistreer moet wees.

Sleutelfokusareas vir 2013:

- Implementering van die 2012-regulasies ten opsigte van onafhanklike skole sal steeds in 2013 gemoniteer word. Die fokusareas sluit die volgende in, maar is nie daartoe beperk nie: registrasievereistes en die voorwaardes waarvolgens registrasie onttrek kan word; die registrasie van leerders vir eksamens; monitering en toegang, en regulasies ten opsigte van subsidies. Skole wat nie geregistreer is nie, is in kennis gestel van die noodsaaklikheid om aan uitstaande vereistes aandag te skenk. Nuwe skole moet teen nie later nie as 30 Junie van die jaar voor inbedryfstelling registreer. Besonderhede van geregistreerde skole sal jaarliks op die WKOD se webwerf en in die provinsie se gedrukte media gepubliseer word. Hierdie prosedure het in 2012 begin.
- Versterk voorspraak om te verseker dat ouers behoorlik ingelig is oor die registrasie van onafhanklike skole.
- Verseker dat alle onafhanklike skole die SNAP en die Jaarlikse Skoolopname tydig voltooi.
- Oordrag van subsidies.
- Besoeke aan skole om ondersteuning te lewer.
- Verseker dat die skole wat subsidies ontvang, die Jaarlikse Nasionale Assessering voltooi.
- Versoek en ondersteun deelname deur gesubsidieerde en niegesubsidieerde onafhanklike skole aan die WKOD-toetsprogram vir Graad 3, 6 en 9.
- Nooi onderwysers by onafhanklike skole uit om WKOD-opleidingskursusse by te woon.
- Koördineer en lewer verslag oor WKOD ondersteuning aan onafhanklike skole.
- Gereelde monitering van onafhanklike skole, veral diegene wat subsidies ontvang, ten einde gehalteverbetering te bevorder.
- Ondersoek klagtes of besorgdhede en verrig andersins die funksie van aanspreeklikheid.
- Deregistrasie van onafhanklike skole wat nie aan voorskrifte voldoen nadat die nodige ondersteuning aan hierdie skole gegee is nie.
- Deelname aan nasionale forums wat met onafhanklike skole te make het, ten einde by te dra tot die verfyning van beleid en implementering in die sektor.
- Identifiseer gapings in die regulasies wat op onafhanklike skole in die provinsie van toepassing is sodat dit aandag kan geniet.

Subprogramme

Subprogram 3.1: Primêre fase

om onafhanklike skole in Graad 1 tot 7 te ondersteun

Subprogram 3.2: Sekondêre fase

om onafhanklike skole in Graad 8 tot 12 te ondersteun

3.1. Strategiese doelwitte, programprestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2013/14

PROGRAM 3: STRATEGIESE DOELWIT	
Strategiese doelwit 3.1:	Om ingevolge tersaaklike wetgewing ondersteuning aan onafhanklike skole te bied om gehalte-onderwys vir leerders in hierdie skole te verseker
Doelwitverklaring	<ol style="list-style-type: none"> 1. Verseker deur gereelde ondersteuning en monitering van die sektor dat alle leerders 'n opvoeding in lyn met die Nasionale Kurrikulumverklaring ontvang, dat alle onafhanklike skole geregistreer is en dat hulle aan die minimumvereistes van die tersaaklike wetgewing voldoen. 2. Voorsien subsidies aan skole wat behoeftige leerders bedien. 3. Voorsien onafhanklike skole wat daarvoor kwalifiseer van korrek-berekende en tydige subsidies.

Risiko-oorsig		
Strategiese doelwit 3.1:	Risiko's	Mitigasie
Om ingevolge tersaaklike wetgewing ondersteuning aan onafhanklike skole te bied om gehalte-onderwys vir leerders in hierdie skole te verseker	<ul style="list-style-type: none"> ● Skole versuim om aan die vereiste gehaltevoorskrifte te voldoen. 	<ul style="list-style-type: none"> ● Verseker dat gepaste moniteringsmaatreëls ingestel is en toegepas word.

3.2. Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR

BT301	Onafhanklike skool-subsidies - sleuteltendense					
	2010/11 Werklik	2011/12 Werklik	2012/13 Beraam	2013/14 Beraam	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam
Betalings per subprogram (R'000)*						
3.1 Primêre fase	24,015	28,563	29,609	48,475	50,846	53,185
3.2 Sekondêre fase	35,681	34,991	43,088	32,603	34,649	36,243
Totaal	59,696	63,554	72,697	81,078	85,495	89,428
Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)*						
Lopende betalings	0	0	0	0	0	0
Vergoeding van werknemers	0	0	0	0	0	0
Goedere en dienste en ander lopende betalings	0	0	0	0	0	0
Oordragte en subsidies	59,696	63,554	72,697	81,078	85,495	89,428
Betalings vir kapitaalbates	0	0	0	0	0	0
Totaal	59,696	63,554	72,697	81,078	85,495	89,428
► Programprestasiemaatstawwe vir Program 3						
► PPM301: Aantal gesubsidieerde leerders in onafhanklike skole	16 625	17 330	18 284	19 300	20 300	21 300

BT 302		Onafhanklike skool-subsidies - Indeling volgens die skoolbefondsingsnorme (2013)		
Subsidie vlak	Primêre/sekondêre Kategorieë	Totale uitgawes (R'000)	Leerders	Uitgawes per leerder R
60 (mees behoeftig)	Primêr - 25	25 679	4 572	5 617
	Sekondêr - 20	18 374	2 817	6 523
40	Primêr - 14	6 115	1 633	3 744
	Sekondêr - 14	6 114	1 406	4 349
25	Primêr - 20	5 509	2 354	2 340
	Sekondêr - 14	4 213	1 550	2 718
15	Primêr - 28	2 782	1 981	1 404
	Sekondêr - 7	1 331	816	1 631
0 (minste behoeftig)	Primêr - 3	NUL	763	NUL
	Sekondêr - 1	NUL	49	NUL
Totaal		70 117	17 941	

3.3. Prestasie- en uitgawetendense

Subprogram 3.1 en 3.2: Primêre en Sekondêre Fase

Die toename in uitgawes is grotendeels toe te skryf aan inflasie en groei in die aantal leerders in hierdie sektor.

3.4 Kwartaallikse teikens vir 2013/14

Geen.

4. Program 4: Openbare spesiale skoolonderwys

Doel: Om verpligte openbare onderwys in spesiale skole te voorsien ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet en Witskrif 6 oor Spesiale Behoefte-onderwys: Die Bou van 'n Inklusiewe Onderwys-en-Opleidingstelsel.

Ontleding per program:

Sleutelfokusareas vir 2013:

Die klem sal op die uitbreiding en verdere implementering van die aksieplan met betrekking tot elk van die tien punte in die *WKOD plan vir die versterking van ondersteuning aan gespesialiseerde onderwys* wees.

1. Versterk spesiale skole deur die addisionele opleiding van personeel, voorsiening van hulpbronne, gehalteversekering en blootstelling aan modelle vir beste praktyk.

- Benutting van die DBO se oudit oor spesiale skole en interne data-insameling van die WKOD om as 'n grondlyn-oudit te dien om skole ten opsigte van hulle behoeftes te ondersteun en toe te rus.
- Voer Heelskool-evaluerings van geselekteerde spesiale skole uit en verseker dat aanbevelings in plek gestel word.
- Voer oudits van infrastruktuur uit en herprioritiseer infrastruktuurprojekte na aanleiding van ouditbevindings
- Versterk die funksionering van bestaande skole van vaardighede, insluitend die standaardisering van die kurrikulum en assessering van leerders
- Implementeer aanbevelings oor die ondersoek na dowe-onderwys.
- Reël vergaderings/werkwinkels vir die spesiale skool-sektor vir die doel van sektorale koördinasie, uitruil van beste praktyk, ens.
- Voorsien ondersteunende toerusting en inligting-en-kommunikasietegnologie om diegene met gestremdhede of leerprobleme se leerervaring aan te vul

2. Toenemende transformasie van spesiale skole in hulpbronsentrums vir hoofstroom- en ander spesiale skole.

- Verseker dat alle spesiale skole 'n hulpbronsentrum-funksie verrig en dat spesiale skool-hulpbronsentrums, met addisionele inklusiewe-onderwys multidissiplinêre spanne, hoofstroomskole ondersteun, met die fokus op volle-diens/inklusiewe skole
- Gespesialiseerde ondersteuningspersoneel by spesiale skole en spesiale skole-hulpbronsentrums lewer uitreikdienste

3. Teiken die voorsiening van addisionele plekke in spesiale skole vir kinders wat geïdentifiseer is om hoë ondersteuningsbehoefte te hê in areas waar sodanige voorsiening ontbreek of vir kategorieë van gestremdheid waar daar 'n tekort aan plekke is, en ontwikkel toepaslike programme vir buiteskoolleerders wat ondersteuning benodig.

- Versterk en verfyn die stelsel om leerders te assesser en verwys ten einde geskikte plasing en doeltreffendheid in die stelsel te verseker
- Analyseer verwysings per distrik, kring en skool om tendense te identifiseer en regstellende maatreëls in te stel, waar nodig
- Verseker dat alle skole bewus is van die kontinuum van ondersteuning; laag in hoofstroomskole, matig in volle-diens/inklusiewe skole en hoog in spesiale skole
- Assesseer die vlak van ondersteuning wat deur leerders in spesiale skole benodig word om te verseker dat leerders reg geplaas is

- Implementeer maatreëls wat ontwikkel is om te help met die ondersteuning van kinders met ernstige en diepgaande intellektuele gestremdheid (CSPID) wat tans in spesiale sorgsentrums is. Ondersteun die DBO, tesame met alle provinsies, met die ontwikkeling van 'n raamwerk oor kinders met ernstige en diepgaande intellektuele gestremdheid. Koördineer die transversale provinsiale forum vir CSPID
- 4. Versterk die kapasiteit van skole om hindernisse tot leer te identifiseer en te bestuur, en om kwesbare leerders te ondersteun.**
- Voorsien onderwysers en bestuurders van die kennis en vaardighede rakende diverse leer- en onderrigbenaderings om die voorkoms van uitsluiting en verwysings te verminder
 - Bied kurrikulum- en leerondersteuning om intervensies wat fokus op die identifisering van agterstande en hindernisse tot leer, vroegtydig te behandel
 - Voorsien onderwysers en bestuurders van die kennis en vaardighede in gedragsbestuur, en verminder sodoende die voorkoms van uitdagende gedrag deur leerders
 - Voorsien 'n geïntegreerde stelsel van voorkoming, sorg en ondersteuning aan diegene wat deur MIV/Vigs en TB geraak word en besmet is
 - Ontwikkel die spyskaarte van die nasionale skoolvoedingsprogram en verseker dat die voeding van geteikende leerders nie die skoolprogram ontwig nie
- 5. Toenemende transformasie van hoofstroomskole na inklusiewe skole wat versterk en ondersteun word om voorsiening te maak vir leerders met lae tot gemiddelde vlakke van ondersteuningsbehoefte en wat akademiese uitkomst te verbeter. Model-inklusiewe skole moet geïdentifiseer word om as bakens te dien vir die versterking en transformasie van alle hoofstroomskole.**
- Verseker dat institusie-vlak ondersteuningspanne (ILST) funksioneel is en by alle skole ondersteun word
 - Verseker dat skole leerders vir psigososiale en leerondersteuning deur die ILST-proses verwys, behalwe in noodgevalle
 - Verseker die betrokkenheid van gespesialiseerde steundienste tydens intervensies om taal en wiskunde te verbeter
 - Voorsien aanvullende LOOM aan volle-diens/inklusiewe skole om insluiting te bevorder en leer te versterk
- 6. Identifiseer en versprei plaaslike voorbeelde van goeie praktyk en hulpbronne ten opsigte van spesiale onderwysbehoefte/hindernisse tot leer.**
- Gebruik IKT en ander media om inligting, goeie praktyk en navorsingsbevindings rakende leerhindernisse/spesiale behoeftes/gespesialiseerde ondersteuning te versprei
- 7. Bevorder die voorsiening van gespesialiseerde onderwysondersteuning deur te verseker dat alle gespesialiseerde personeel hoë-gehalte diens lewer, en fokus op voorkomende intervensies wat ook kapasiteit bou.**
- Voorsien riglyne/dokumente oor gespesialiseerde onderwysondersteuning aan tersaaklike personeel en lei hulle op in die gebruik daarvan
 - Verskuif die fokus van diens na voorkomende intervensies, bv. omkeer in Graad R en Graad 1
- 8. Ontwikkel kapasiteit in alle sektore van die Onderwysdepartement om 'n geskikte reaksie op leerhindernisse/ spesiale onderwysbehoefte te voorsien.**
- Voorsien riglyne/dokumente aan alle spesiale skole en bied indiensopleiding aan
 - Verseker kapasiteitsbou vir WKOD-personeel ten opsigte van leerhindernisse/spesiale behoeftes/gespesialiseerde ondersteuning, soos nodig
 - Bevorder inklusiwiteit op alle vlakke van die onderwysstelsel

9. Bevorder intersektorale vennootskappe vir die vroeë identifisering van en intervensie vir LSOB/ voorkoming van hindernisse vir leer en vir volgehoue ondersteuning, waar nodig.

- Fasiliteer die koördinerende van 'n omvattende, gekoördineerde, multisektorale benadering tussen ander regeringsdepartemente en NRO's/NWO's binne die Sorg en Ondersteuning vir Onderrig en Leer (SOOL)- raamwerk, met die onderwysdepartemente as die leierdepartement
- Implementeer SOOL-raamwerk inkrementeel en begin met geïdentifiseerde inklusiewe skole
- Voorsien die Geïntegreerde Skoolgesondheidsprogram-dienspakket, wat toetsing, gesondheidsbevordering, bestuur van siektes en chroniese toestande insluit, in oorleg met die Departement van Gesondheid en fokus op skole in kwintiel 1 en 2, inklusiewe skole en op ander geteikende leerders

10. Benut die ondersteuning van ouers en die burgerlike samelewing om leerders wat anders gestremd is of leerhindernisse ervaar, in te sluit en te ondersteun, en sodoende te help bou aan die gewenste inklusiewe Suid-Afrikaanse samelewing.

- Bied werkwinkels en inligtingsessies by spesiale skole, vir gespesialiseerde steundienstpersoneel en by inklusiewe skole vir ouers en gemeenskappe aan, met die fokus op fetale alkoholsindroom
- Doen voorleggings oor spesiale onderwerpe rakende spesiale onderwysbehoefte/ leerhindernisse/ inklusiewe-onderwys aan geteikende gemeenskapsgroepe
- Inkorporeer kwessies rondom spesiale onderwys by SBL-opleiding

Die WKOD het strukture in plek om die uitrol van hierdie plan te fasiliteer deur

(1) distrik- en kring-gebaseerde ondersteuningspanne

(2) versterking van aangewese spesiale skole om hulpbronsentrums te word

(3) die vestiging van OLSO-eenhede / *hulpbronklasse* by toegewese openbare gewone skole wat in vollediens/inklusiewe skole omskep word

(4) die ontwikkeling van ondersteuningspanne op institusionele vlak.

Subprogramme

Subprogram 4.1: Skole

om spesifieke openbare spesiale skole van hulpbronne te voorsien

Subprogram 4.2: Menslike hulpbronontwikkeling

om departementele dienste te voorsien vir die professionele en ander ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in openbare spesiale skole

Subprogram 4.3: Skoolsport, kultuur en mediadienste

nie van toepassing nie

Subprogram 4.4: Voorwaardelike toelaes

om voorsiening te maak vir projekte onder program 4 wat deur die Departement van Basiese Onderwys gespesifiseer word en deur voorwaardelike toelaes befonds word.

4.1 Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2013/14

PROGRAM 4: STRATEGIESE DOELWIT	
Strategiese doelwit 4.1	Om suksesvolle akademiese en sosiale deelname van alle leerders in die kultuur en kurrikulum van onderwysinstansies te maksimaliseer, en om leerhindernisse te minimaliseer (Onderwyswitskrif 6)
Doelwitverklaring	Om vlakke van geletterdheid en gesyferdheid te verbeter; om skoolprestasie te verbeter en leerders sodoende in staat te stel om in formele onderwys te bly deurdat hulle met gespesialiseerde dienste deur die volgende spanne en strukture ondersteun word: <ul style="list-style-type: none"> ▪ Ondersteuningspanne op institusionele vlak ▪ Distriksgebaseerde ondersteuningstrukture ▪ Spesiale skole se hulpbronsentrums ▪ Spesiale skole ▪ Skole van vaardighede ▪ Volle-diens-skole ▪ Openbare gewone skole ▪ Professionele dienste: leerondersteuning in openbare gewone skole, sielkundige dienste, skoolmaatskaplike dienste, en mediese en terapeutiese dienste.

Risiko-oorsig		
Strategiese doelwit 4.1:	Risiko's	Mitigasie
Om suksesvolle akademiese en sosiale deelname van alle leerders in die kultuur en kurrikulum van onderwysinstansies te maksimaliseer, en om leerhindernisse te minimaliseer (Onderwyswitskrif 6)	<ul style="list-style-type: none"> ● Prosesse en prosedures veroorsaak onnodige vertraging in die ondersteuning en/of plasing van leerders met leerhindernisse. ● Vraag na ondersteuning oorskry aanbod. 	<ul style="list-style-type: none"> ● Verseker dat daar geen administratiewe vertraging in die proses van assessering en verwysing is van leerders wat addisionele ondersteuning benodig nie. ● Beplan vir en voorsien opsies om te verseker dat leer nie ontwig word nie.

4.2. Rekonsiliasie van prestasie-teikens met die begroting en MTUR

BT 401	Openbare spesiale skoolonderwys – sleuteltendense					
	2010/11 Werklik	2011/12 Werklik	2012/13 Beraam	2013/14 Beraam	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam
Betalings per subprogram (R'000)						
4.1 Skole	688,458	754,782	870,478	894,742	954,690	1,008,813
4.2 Menslike hulpbronontwikkeling	0	0	1	1	1	1
Totaal	688,458	754,782	870,479	894,743	954,691	1,008,814
Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)						
Lopende betalings	557,233	622,495	737,421	754,766	807,856	855,224
Vergoeding van werknemers	551,270	607,313	719,451	736,741	788,946	835,442
- Opvoeders	435,503	479,777	568,366	582,025	623,267	659,999
- Nie-opvoeders	115,767	127,536	151,085	154,716	165,679	175,443
Goedere en dienste en ander lopende betalings	5,963	15,182	17,970	18,025	18,910	19,782
Oordragte en subsidies	128,680	127,712	120,446	126,709	132,917	139,032
Betalings vir kapitaalbates	2,545	4,575	12,612	13,268	13,918	14,558
Totaal	688,458	754,782	870,479	894,743	954,691	1,008,814
► Programprestasiemaatstawwe vir Program 4						
► PPM401: Aantal leerders in openbare spesiale skole ingeskryf	18 292	18 878	19 470	19 470	19 570	19 670
► PPM402: Aantal opvoeders in diens by openbare spesiale skole	1 768	1 829	1 800	1 800	1 810	1 820
► PPM403: Aantal professionele nie-opvoedkundige personeel in diens by openbare spesiale skole	958	973	997	997	1 000	1 005

4.3 Prestasie- en uitgewetendense:

Subprogram 4.1: Skole

Die toename in uitgawes is grotendeels toe te skryf aan voorsiening vir die verbetering van diensvoorwaardes, groei in leerdergetalle, inflasie en vir uitbreiding van inklusiewe onderwys.

Subprogram 4.4: Voorwaardelike toelaes

Voorsiening vir infrastruktuur by openbare spesiale skole deur die Onderwysinfrastruktuurstoelae (OIT)

4.4 Kwartaallikse teikens vir 2013/14

Programprestasiemaatstawwe		Verslag-tydperk	Jaarlikse teiken 2013/2014	Kwartaallikse teikens			
				1 ^{ste}	2 ^{de}	3 ^{de}	4 ^{de}
PPM 402	Aantal opvoeders in diens by openbare spesiale skole	Kwartaallikse	1 800	1 800	1 800	1 800	1 800
PPM 403	Aantal professionele nie-opvoedkundige personeel in diens by openbare spesiale skole	Kwartaallikse	997	997	997	997	997

5. Program 5: Verdere onderwys en opleiding

Doel: Om verdere onderwys en opleiding (VOO) by openbare VOO-kolleges te voorsien ingevolge die Wet op Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges (Wet 16 van 2006), met inbegrip van die bepalings van die Wysigingswet op VOOK, 2010.

Ontleding per program:

Sleutelfokusareas vir 2013:

Die VOO-kolleges sal in 2013 voortgaan om die nasionale program te ondersteun, naamlik:

Ondersteuning vir die Vaardigheidsooreenkoms, onderteken in 2011, wat die regering se verbintenis tot die gehalteverbetering van die voorsiening van verdere onderwys en opleiding by openbare VOO-kolleges, die versterking van programme se reaksie op behoeftes van die arbeidsmark, en voldoende befondsing van VOO-kolleges vervat. Die partye sien waarde in 'n program wat besighede aanmoedig om VOO-kolleges "aan te neem". Andersyds verbind besigheid homself om blootstelling aan dosente van VOO-kolleges aan die werkplek te gee; ingenieurs in sy diens te ondersteun in pogings om by VOO-kolleges te onderrig; en om borgskappe aan te bied.

Strategiese doelwitte en teikens vir Wes-Kaapse VOO-kolleges vir 2013/14 is:

- Verhoging in die aantal geskoolde jeugdige deur toegang tot onderwys en opleiding soos volg vir die jeug uit te brei:
 - 65 000 koptelling-inskrywings in verdere onderwys en opleiding (VOO)-kollegeprogramme
 - 17 800 VOO-kollegestudente wat beurse ontvang
 - 3 kolleges wat hoër onderwysprogramme aanbied
 - Toenemende sertifisering in NS(B) en Verslag 191 (veral vir ontvangers van beurse)

Vlak	Sertifiseringskoers
NS(B) Vlak 2	50%
NS(B) Vlak 3	50%
NS(B) Vlak 4	52%
N(1) – N(3)	43%
N(1) – N(3)	48%

- Verhoog teen 2014 toegang tot, en verbeter sukses in, programme wat tot intermediêre en hoë-vlak leer lei.

	Wiskunde Slaagkoers	Slaagkoers in Wiskundige Geletterdheid
NS(B) Vlak 2	48%	70%
NS(B) Vlak 3	44%	80%
NS(B) Vlak 4	55%	85%

- Voldoende personeelvoorsiening vir individuele instansies om doeltreffende voorsiening of fasilitering van leer te verseker:
 - 38 personeel in beroepsgerigte onderwys- en opleidingsinstansies opgelei om lewering van die kurrikulum in OOV en kolleges te ondersteun
 - 64 personeel in beroepsgerigte onderwys- en opleidingsinstansies opgelei in finansiële bestuur
 - 6 volledig saamgestelde kollegerade
 - 6 kolleges implementeer hersiene menslike hulpbronne- en beplanningsraamwerk

- Toename in die aantal studente wat die werkmark suksesvol betree na voltooiing van opleiding:
 - 4 500 gegradueerdes wat Werk-geïntegreerde Leer ontvang

- 'n Kollege-kurrikulum wat reageer op die eise van die markplek en wat doeltreffend by veranderende vaardigheidsbehoefte kan aanpas, met spesiale klem op die opleiding van ambagsmanne
 - Nuwe programme wat per kollege bekendgestel word, na samesprekings met industrie
 - 60 dosente opgelei om nuwe kurrikulumlewering te ondersteun
 - 18 amptenare van die provinsiale Onderwysdepartement opgelei om kurrikulumlewering te ondersteun
 - 13 dosente, student-steundienste-bestuurders en amptenare van die provinsiale Onderwysdepartement en streekkantore opgelei om die omvattende student-steundienste-raamwerk te implementeer

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, in oorleg met provinsies, ondersteun die kolleges in hulle operasionele beplanning. Die kollektiewe beplanning vir 2013/14 dui 'n geprojekteerde 37,5% groei in NS(B) en Verslag 181 VOO's en 'n 138% groei in beroepsgerigte koptelling aan. Hierdie beplanning fokus grotendeels op die befondsing van Program 5 en beoog verder om verskillende strome van befondsing aan te wend, bv. Nasionale Vaardigheidsfonds-programme vir intermediêre en hoë-vlak beroepsgerigte programme.

Die Nasionale Vaardigheidsfonds het bieë van kolleges aangevra vir die lewering van ambagte en leerderskappe, asook vaardigheidsprogramme wat tot volle kwalifikasies lei. Kolleges kon in dieselfde bieë die kapasiteitsbou van personeel en opgradering van infrastruktuur insluit ter ondersteuning van die voorgenome addisionele opname. Die provinsiale VOO-kollege-eenheid sal in oorleg met kolleges oorkoepelende behoeftes vir kapasiteitsbou onder dosente identifiseer en, waar moontlik, gesamentlik daaraan aandag skenk. In areas waar vak-spesifieke behoeftes geïdentifiseer word, sal die WKOD se Kurrikulumbeplanners verder vir dosente op kampus- en klaskamervlak met steunmateriaal en steunbesoeke ondersteun.

Streng maatreëls vir monitering en evaluering is ingestel. Daar word van kolleges verwag om kwartaalliks oor 'n aansienlike aantal sleutelprestasie-aanwysers verslag te lewer. Inligtingbestuurstelsels en -prosesse speel 'n belangrike rol in hierdie verslagdoening en Wes-Kaapse kolleges benodig steeds volgehoue tegniese en bestuursondersteuning met die implementering van hulle bestuursinligtingstelsel (BIS) en prosesse. Op provinsiale vlak ondersteun amptenare kolleges deur interne assessering te moniteer en oor regstellende stappe advies te lewer, indien nodig. Spesiale aandag word aan Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid geskenk.

Die Grondwetlike Wysigingswetsontwerp om VOO-kolleges vanaf 'n provinsiale na 'n nasionale bevoegdheid oor te dra, het in Mei 2012 in werking getree. Die DHOO het migrasie- en bedryfsplanne vir die funksieverskuiwing ontwikkel en tussentydse nasionale en provinsiale taakspanne is ingestel om die oorgangsproses te inisieer. Die DHOO het 'n provinsiale VOO-koördineerder aangestel om die vestiging van 'n DHOO-streekkantoor in die Wes-Kaap te inisieer.

Sleutelfokusareas vir 2013:

- Verbeter onderrig en leer by VOO-kolleges deur dosente-kapasiteitsbou, industrie-blootstelling en addisionele klaskamer-leerhulpbronne
- Verbeter die gehalte en geloofwaardigheid van interne assessering deur moderering- en verifiëringsprosesse
- Verbeter die toepassing van nasionale eksamens om geloofwaardige eksamenuitslae te verseker
- Voorsien ondersteuning aan die beheer- en bestuursfunksies by kolleges om prestasie te verbeter
- Moniteer die implementering van kolleges se bedryfsplanne om doeltreffende besteding van die VOO-kollege Voorwaardelike Toelae te verseker
- Voorsien finansiële ondersteuning vir die opgradering en instandhouding van VOO-kollege-infrastruktuur

Subprogramme

Subprogram 5.1: Openbare instansies

om spesifieke openbare VOO-kolleges van hulpbronne te voorsien

5.1 Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2013/14

PROGRAM 5: STRATEGIESE DOELWIT	
Strategiese doelwit 5.1:	Om te verseker dat institusionele en programbeplanning in lyn is om relevante, reagerende programme te lewer wat in die behoeftes van plaaslike besighede, industrie, gemeenskappe en studente sal voorsien, en om 'n magtigende omgewing te skep waarin hoë-gehalte, geïntegreerde teoretiese/praktiese programlewering deur institusionele beheer en bestuur, asook operasionele ondersteuning, gehandhaaf word
Doelwitverklaring	<p>1. Sektorgebaseerde navorsing, ontleding en konsultasie word vir die beplanning en goedkeuring van programme uitgevoer. Hierdie proses behels kolleges se akademiese bestuur en rade, asook die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO).</p> <p>2. Alle vlakke van die stelsel word deur strategiese beplanning ingelig. Die DHOO stel teikens wat deurlopend gemoniteer word.</p> <p>3. Groei en ontwikkeling van die kolleges word bestuur deur begrotings wat deur beplanning bepaal word.</p> <p>4. Om gehalte-onderwys by VOO-kolleges te verseker. Gehaltestandaarde is gegrond op die Internasionale Organisasie vir Standaardisering (ISO), en alle programme is aan gehalteversekering deur Umalusi, QCTO en HOI en/of internasionale gehalteversekeringsowerhede onderworpe. Praktiese opleidingsfasiliteite (werkswinkels) word deur SETAs geakkrediteer.</p> <p>5. Om ondersteuning op alle vlakke aan te bied:</p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ Verseker en koördineer die toewysing van menslike en fisiese hulpbronne ▪ Verseker voortgesette groei in studentegetalle en steun vir VOO-kolleges ▪ Koördineer en voorsien ondersteuning vir die kurrikulum ▪ Maksimaliseer geleenthede vir indiensneming deur middel van vennootskappe ▪ Verseker dat kolleges aan die voorpunt bly deur voortgesette innovasie, ontwikkeling en bevoegdheid van personeel ▪ Verseker dat studente uitgebreide steun vir suksesvolle deelname aan programme ontvang ▪ Moniteer prestasie van die stelsel as 'n geheel

Programprestasie-aanwyser		Geouditeerde/Werklike prestasie			2012/13	Mediumtermyn teikens		
		2009/10	2010/11	2011/12		2013/14	2014/15	2015/16
5.1.	Aantal studente wat vir NS(B)-kursusse by VOO-kolleges ingeskryf is	Nuut	12 967	13 778	15 150	16 400	17 500	18 000
5.2.	Aantal VOO-kollege NS(B)-studente wat volledige kursusse suksesvol voltooi het	Nuut	3 429	4 587	6 455	7 380	8 750	9 900

5.2. Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR

BT 501	Verdere onderwys en opleiding - sleuteltendense					
	2010/11 Werklik	2011/12 Werklik	2012/13 Beraam	2013/14 Beraam	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam
Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)*						
5.1 Openbare instansies	446,971	534,659	597,589	351,437	373,920	396,219
Totaal	446,971	534,659	597,589	351,437	373,920	396,219
Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)						
Lopende betalings	251,685	259,553	282,277	302,639	322,730	342,675
Vergoeding van werknemers	251,685	259,553	282,277	302,639	322,730	342,675
▶ Bestuur	0	0	0	0	0	0
▶ Dosente	213,075	219,736	238,974	256,212	273,221	290,106
▶ Steunpersoneel	38,610	39,817	43,303	46,427	49,509	52,569
Goedere en dienste en ander lopende betalings	0	0	0	0	0	0
Oordragte en subsidies	195,286	275,106	315,312	48,798	51,190	53,544
Betalings vir kapitaalbates	0	0	0	0	0	0
Totaal	446,971	534,659	597,589	351,437	373,920	396,219

5.3. Prestasie- en uitgewetendense

Subprogram 5.1: Openbare instansies

Die afname in uitgawes is weens die afname in die Voorwaardelike Toelae-befondsing vir hierdie sektor.

5.4. Kwartaallikse teikens vir 2013/14

Geen.

6. Program 6: Onderwys en Opleiding vir Volwassenes

Doel: Om onderwys en opleiding vir volwassenes (OOV) te voorsien ingevolge die Wet op Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes, Wet 52 van 2000, insluitende die bepalings van die Wysigingswet op Onderwys en Opleiding vir Volwassenes, 2010.

Ontleding per program:

Die klem ten opsigte van hierdie program sal in 2013 op die toename van getalle en gehalteverbetering van die kwalifikasies wees wat deur leerders in die AOO- en die VOO-bande verwerf word.

Sleutelfokusareas vir 2013:

- Ondersteun die tegniese proses om Onderwys en Opleiding vir Volwassenes vanaf 'n provinsiale na 'n nasionale bevoegdheid oor te dra.
- Onderrig sal aangebied word ten opsigte van die vorige "Senior Sertifikaat" aan ongeveer 2 500 studente wat deur tien openbare BOOV-sentrums geregistreer is.
- Die WKOD sal die voorbereiding vir die nuwe kwalifikasie, wat die Senior Sertifikaat moet vervang, ondersteun.
- Geakkrediteerde vaardigheidsprogramme, wat die jeug en werkloos teiken, sal uitgebrei word om ten minste een openbare BOOV-sentrum per distrik in te sluit.
- Norme-en-standaardetoekenings sal volgens riglyne gemaak word.
- Die WKOD sal voortgaan om onderwysprogramme vir volwassenes aan 300 werknemers van tien provinsiale en nasionale staatsdepartemente en besigheid/industrie aan te bied.
- Beheerliggame van openbare BOOV-sentrums (in 2012 verkies) sal as deel van 'n 3-jaar opleidingsplan opgelei word.

Subprogramme

Subprogram 6.1: Openbare sentrums

om spesifieke openbare OOV-terreine van hulpbronne te voorsien

Subprogram 6.2: Subsidies vir private sentrums

om spesifieke private OOV-terreine met subsidies te ondersteun

Subprogram 6.3: Professionele dienste

om opvoeders en studente by openbare OOV-sentrums van departementeel-bestuurde ondersteuningsdienste te voorsien

Subprogram 6.4: Menslike hulpbronontwikkeling

om departementele dienste te voorsien vir die professionele en ander ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders by openbare OOV-terreine

Subprogram 6.5: Voorwaardelike toelaes

om voorsiening te maak vir projekte onder program 6 wat deur die Departement van Basiese Onderwys gespesifiseer word en deur voorwaardelike toelaes befonds word

6.1 Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2013/14

PROGRAM 6: STRATEGIESE DOELWIT	
Strategiese doelwit 6.1:	Om steun te verleen aan openbare OOV-sentrumbestuur en beheerstrukture deur beleidsontwikkeling en strategiese intervensies wat doeltreffende onderwys in leersentrums vir volwassenes fasiliteer; om opvoeders en studente by OOV-terreine van departementeel-bestuurde dienste vir kurrikulumondersteuning te voorsien; en om voorsiening te maak vir die professionele ontwikkeling van onderwysers en nie-onderwysers
Doelwitverklaring	<ol style="list-style-type: none"> 1. Voorsien volwassenes van toegang tot relevante programme. 2. Verlaag die ongeletterdheidskoers onder volwassenes en jeugdiges deur ondersteuningstelsels wat studente met funksionele geletterdheid, gesyferdheid en kommunikasievaardighede sal toerus. 3. Voorsien leer- en onderwysulpbronne van die hoogste gehalte. 4. Verseker dat programme volgens vraag aangebied word. 5. Bevorder aanpassing en aanvullende verwantskappe tussen OOV-programme en bevoegdheid-gebaseerde opleiding. 6. Fasiliteer samewerking tussen OOV-belanghebbendes, regeringsdepartemente, die private sektor en ander belangegroepe. 7. Verseker dat praktisyns en bestuurders bevoeg is om die nuwe programme wat aangebied word, te implementeer, deur werkwinkels en kurrikulum-versterkende forums te hou. 8. Verhoog die gehalte van onderrig en leer deur opleidingsprogramme vir onderwysers en beroepsvoorligtingsprogramme vir studente aan te bied. 9. Versterk en verryk die kennisbasis van die OOV-kurrikulumadviesdiens deur die betrokkenheid daarvan by nasionale aktiwiteite aan te moedig, en ook deur netwerkaktiwiteite met ander provinsies te bevorder.

Programprestasie-aanwyser		Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie 2012/13	Mediumtermyn teikens		
		2009/10	2010/11	2011/12		2013/14	2014/15	2015/16
6.1	Aantal leeders in openbare BOOV-sentrums ingeskryf	38 053	40 120	36 582	19 978	21 000	31 000	33 500
6.2	Aantal opvoeders in diens by openbare BOOV-sentrums ⁷	3	962	1 039	1 391	1 400	900	1 050

⁷ Definisie verwys slegs na voltydse opvoeders in 2009

6.2. Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR

BT 601	Onderwys en opleiding vir volwassenes – sleuteltendense					
	2010/11 Werklik	2011/12 Werklik	2012/13 Beraam	2013/14 Beraam	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam
Betalings per subprogram (R'000)						
6.1 Openbare sentrums	7,165	5,850	9,631	10,347	10,856	11,524
6.2 Subsidies aan openbare sentrums	24,987	27,248	26,185	27,547	28,897	30,226
6.3 Professionele dienste	0	0	1	1	1	1
6.4 Menslike hulpbronontwikkeling	0	0	1	1	1	1
Totaal	32,152	33,098	35,818	37,896	39,755	41,752
Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)						
Lopende betalings	7,165	5,850	9,631	10,347	10,856	11,524
Vergoeding van werknemers	6,099	5,670	8,262	8,905	9,342	9,940
▶ Bestuur	0	0	0	0	0	0
▶ Opvoeders	4,634	4,309	6,279	6,768	7,100	7,554
▶ Steunpersoneel	1,464	1,361	1,983	2,137	2,242	2,386
Goedere en dienste en ander lopende betalings	1,066	180	1,369	1,442	1,514	1,584
Oordragte en subsidies	24,987	27,248	26,187	27,549	28,899	30,228
Betalings vir kapitaalbates	0	0	0	0	0	0
Totaal	32,152	33,098	35,818	37,896	39,755	41,752

6.3. Prestasie- en uitgawetendense:

Die toename is grotendeels toe te skryf aan die verbetering in diensvoorwaardes asook inflasie.

6.4 Kwartaalike teikens vir 2013/14

Geen.

7. Program 7: Vroeëkindontwikkeling

Doel: Om ingevolge Witskrif 5 Vroeëkindontwikkeling (VKO) op die Graad R-vlak aan te bied.

Ontleding per program:

Die WKOD sal in 2013 fokus op die toenemende voorsiening van gehalte-Graad R by openbare gewone skole en onafhanklike terreine en om te verseker dat diegene wat Graad 1 begin, goed voorberei is vir skool.

Sleutelfokusareas vir 2013:

- Die fokus sal in 2013 op die bevordering van KABV-implementering vir Graad R wees. Graad R-onderwysers sal opgelei word en distrikspersoneel sal praktyk in die klaskamer monitor. 17 000 Graad R-leerders in geselekteerde skole is in 2012 vir skoolgereedheid geassesseer. Die uitslae van hierdie assessering sal die fokus van onderwyseropleiding inlig.
- 81 nuwe klaskamers (insluitend 31 wat deur die ASIDI-program voorsien word) sal in 2013/14 gebou word in areas waar die behoefte die grootste is, gegrond op armoede-indekse, demografiese druk, beskikbaarheid van grond en goeie finansiële bestuur. Inskrywing in hierdie sektor, ter ondersteuning van die geteikende universele inskrywing vir Graad R, sal dus toeneem weens die beskikbaarheid van nuwe klaskamers.
- Alle skole met nuwe klaskamers ontvang befondsing vir meubels en 'n basiese VKO-hulpbronpakket. In 2013 sal daar 100 VKO-stelle aan openbare gewone skole en 50 aan onafhanklike terreine voorsien word.
- In Februarie en Julie 2013 sal nog twee groepe studente aan VOO-kolleges begin studeer om te kwalifiseer as praktisyns in Vroeëkindontwikkeling ten einde emosionele, kognitiewe, gesondheid- en liggaamlike sorg aan leerders tussen 1 en 4 jaar oud te voorsien en 'n stimulerende leeromgewing vir hulle te bied. Daarbenewens sal 400 studente opgelei word as VKO-praktisynassistentente, befonds deur 'n Voorwaardelike Aansporingstoelae.
- Die begroting vir die Leerdervoerprogram is uitgebrei en 1 200 Graad R-leerders in landelike gebiede sal vervoer word.
- SBL en skoolbestuurspanne sal bystand met finansiële bestuur, asook in sorg en ondersteuning ontvang. Spesiale aandag sal geskenk word aan die bestuur van oordragbetalings.
- WKOD-amptenare sal deur monitering en evaluering op die gehalte van onderwys fokus, wat die doeltreffende benutting van subsidies insluit.

Subprogramme

Subprogram 7.1: Graad R in openbare skole

om aan spesifieke openbare gewone skole hulpbronne te voorsien wat vir Graad R vereis word

Subprogram 7.2: Graad R in gemeenskapskole

om bepaalde gemeenskapsentrums [VKO onafhanklike skole] op die Graad R-vlak te ondersteun

Subprogram 7.3: Voor-Graad R-opleiding

om opleiding en die betaling van stipendiums aan Voor-Graad R-praktisyns te bied

Subprogram 7.4: Menslike hulpbronontwikkeling

om departementele dienste te voorsien vir die professionele en ander ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders by VKO-terreine.

Subprogram 7.5: Voorwaardelike toelae

om voorsiening te maak vir projekte onder program 5 wat deur die Departement van Basiese Onderwys gespesifiseer en deur voorwaardelike toelae befonds word.

7.1 Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2013/14

PROGRAM 7: STRATEGIESE DOELWIT	
Strategiese doelwit 7.1:	<ul style="list-style-type: none"> • Om aan spesifieke openbare gewone skole en geïdentifiseerde onafhanklike skole hulpbronne te voorsien wat vir Graad R nodig is, en om toestande daar te stel wat meer skole sal aanspoor om Graad R-klasse in bestaande beskikbare klaskamers of nuwe Graad R-klaskamers te vestig. • Om die Vlak 1, 4 en 5 opleiding van VKO-praktisyns te koördineer
